

Die relevansie van forensies-linguistiese getuienis vir doeleindes van persoonsidentifikasie by witboordjiemisdade

R I Venter
20555873

Verhandeling voorgelê vir die graad *Magister Commercii* in
Forensiese Rekeningkunde aan die Potchefstroomkampus van
die Noordwes-Universiteit

Studieleier: Mnr D. Asslet
Hulp-studieleier: Mnr. A.P. van Zyl

Mei 2014

**Die relevansie van forensies-linguistiese getuienis vir doeleindes van
persoonsidentifikasie by witboordjiemisdade**

**R I Venter
20555873**

Verhandeling voorgelê vir die graad *Magister Commercii* in Forensiese
Rekeningkunde aan die Potchefstroomkampus
van die Noordwes-Universiteit

Studieleier: Mnr. D. Aslett

Hulpstudieleier: Mnr A.P. van Zyl

November 2013

ABSTRAK

Witboordjiemisdad is 'n prominente en groeiende bekommernis in Suid-Afrika en die behoefte aan die bekamping daarvan is groot. Die toename in witboordjiemisdade en die vooruitgang in die wyse waarop hierdie misdade gepleeg word, tesame met die snelle verandering in die wyse waarop die mensdom kommunikeer en handel dryf, vereis innovasie in die ondersoek en bekamping van hierdie soort misdaad.

Witboordjiemisdad behels sake- oftewel finansiële misdaad en word daarom deur middel van forensiese rekeningkunde ondersoek. Dit behels die insameling en aanbieding van finansiële inligting op só 'n wyse dat dit toelaatbaar sal wees in die hof. Forensiese rekenmeesters word egter al meer gekonfronteer met situasies wat deskundigheid verg wat nie noodwendig binne die veld van rekeningkunde val nie. 'n Spesifieke voorbeeld hiervan is outeursidentifikasie op grond van tekste in 'n ondersoek, byvoorbeeld notas of korrespondensie tussen medepligtiges. Die outeurskap van sulke dokumente is dikwels 'n vraagstuk wat opgelos moet word om verdagtes te identifiseer en/of 'n papierspoor saam te stel.

Ongelukkig is handskrifontleding nie meer altyd 'n geskikte metode om outeurs te identifiseer nie omdat dokumente in die hedendaagse samelewing meestal elektronies eerder as handgeskrewe is. Daarom bestaan die behoefte vir 'n meer toepaslike alternatief vir outeursidentifikasie om op hoogte van hierdie tegnologiese vooruitgang te bly. Forensiese linguïstiek blyk 'n gepaste metode te wees omdat dit die ontleding van taalgebruik behels, ongeag die vorm waarin die taalgebruik voorkom.

Hierdie studie skenk aandag aan navorsing oor die relevansie van forensiese linguïstiek vir outeursidentifikasie by witboordjiemisdade en die toelaatbaarheid van forensies-linguïstiese getuienis met betrekking tot die toepaslike Suid-Afrikaanse regsreëls, asook in buitelandse jurisdiksies, ten einde vas te stel of sodanige getuienis effektief tot beslissings rakende outeursidentiteit kan bydra.

Die terme *forensiese linguïstiek* en *witboordjiemisdad* word in detail beskryf en die studie brei uit op die relevansie van outeursidentifikasie, en gevolglik forensiese linguïstiek, by die ondersoek van witboordjiemisdade.

Die navorsing toon uiteindelik dat forensiese linguistiek 'n innoverende oplossing bied vir die bekamping, ondersoek en vervolging van witboordjiemisdaad spesifiek wanneer dit forensiese rekenmeesters kan bystaan in gevalle waar outeursidentifikasie nodig is.

ABSTRACT

White-collar crime is a prominent and growing concern in South Africa and the need to combat this crime is great. The increase in white-collar crime, the advances in the methods used to commit these crimes and the rapid change in the way people communicate and do business call for innovation in the investigation and combatting of these crimes.

White-collar crime entails business, or financial crime, and is, therefore, investigated by means of forensic accountancy. This entails the collection and presentation of financial information in such a way that it will be admissible in court. However, forensic accountants are increasingly confronted with situations which demand expertise in areas outside the field of accountancy. A specific example is person identification based on texts relevant to the investigation, for example, notes or correspondence between accomplices. The authorship of such documents is often a matter to be solved in order to identify suspects and/or compile a paper trail.

Unfortunately, hand-writing analysis is no longer a relevant method to identify authors, as society today use mostly electronic instead of hand-written communication. There is, thus, a need for a more suitable alternative for author identification in order to stay abreast of technological progress. Forensic linguistics seems to be a suitable method because it entails the analysis of language, regardless the form in which the language appears.

This study focused on research of the relevance of forensic linguistics for person identification in white-collar crime and the admissibility of forensic linguistic evidence in terms of the appropriate South African legal rules, as well as foreign jurisdictions, in order to establish whether testimony will effectively contribute to rulings regarding author identity.

The terms 'forensic linguistics' and 'white-collar crime' were described in detail and the study also expanded on the relevance of person identification and, consequently, forensic linguistics, in the investigation of white-collar crime.

The research ultimately showed that forensic linguistics offers an innovative solution for the combatting, investigation and persecution of white-collar crime when forensic accountants need assistance in cases where person identification is required.

AFKORTINGS

ACFE	Association of Cerified Fraud Examiners
FBI	Federal Bureau of Investigation
HAT	Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal
IAFL	International Associatlon of Forensic Linguistics
IAFPA	International Association for Forensic Phonetics and Acoustics
NMMU	Nelson Mandel Metropolitan University
ICFP	Institute for Commercial Forensic Practitioners
SABRIC	South African Banking Risk Information Centre
SMS	Short Message Service
SAPS	South African Police Service
SARS	South African Revnue Service
VSA	Verenigde State van Amerika
VK	Verenigde Koningryk

INHOUDSOPGAWE

Sleutelwoorde.....	1
HOOFSTUK 1: INLEIDING EN AGTERGROND	2
1.1 Inleiding en agtergrond	2
1.1.1 Agtergrond	2
1.1.2 Motivering.....	6
1.2 Probleemstelling.....	8
1.3 Navorsingsdoelwitte.....	8
1.4 Metode van ondersoek.....	10
1.4.1 Literatuurstudie	10
1.5 Oorsig	11
HOOFSTUK 2: WAT IS FORENSIESE LINGUISTIEK?.....	13
2.1 Inleiding.....	13
2.2 Omskrywing van forensiese linguistiek.....	13
2.3 Toepassing van forensies linguistiek	14
2.4 Die bydrae van forensiese linguistiek tot outeursidentifikasie	15
2.5 Gevalle waar forensiese linguistiek bygedra het tot outeursidentifikasie	16
2.5.1 Unabomber.....	16
2.5.2 J.K Rowling – The Cuckoo’s calling.....	16
2.2.3 <i>S v Bran 1993 ZASCA 11</i>	17
2.6 Probleme met outeurskapsidentifikasie by wyse van linguistiek	22
2.7 Forensiese linguistiek teenoor handskrifontleding.....	23
2.8 Is forensiese linguistiek ’n deskundige veld/wetenskap?.....	24
2.8.1 Deskundigheid	24
2.8.2 Opleiding en ervaring	25
2.8.3 Metodiek	26
2.8.4 Vakverenigings	26

2.9	Gevolgtrekking.....	28
HOOFSTUK 3: DIE TOELAATBAARHIED VAN FORENSIES-LINGUISTIESE GETUIENIS.....		
3.1	Inleiding.....	30
3.2	Relevantheid en toelaatbaarheid.....	30
3.3	Reële getuienis.....	33
3.4	Opinie- en deskundige getuienis.....	33
3.5	Toelaatbaarheidsvereistes vir forensies-linguistiese getuienis.....	39
3.6	Getuienis oor handskrif.....	42
3.7	Regmatige verkryging en besitskontinuiteit.....	43
3.8	Vereistes vir die toelating van deskundige getuienis in buitelandse jurisdiksies.....	44
3.9	Gevolgtrekking.....	46
HOOFSTUK 4: DIE AANWENDING VAN FORENSIES-LINGUISTIESE GETUIENIS IN DIE BEKAMPING VAN WITBOORDJEMISDAAD.....		
4.1	Inleiding.....	50
4.2	Omskrywing van die begrip <i>witboordjiemisdaad</i>	50
4.3	Die belang van forensiese linguistiek vir witboordjiemisdaad.....	55
4.4	Gevolgtrekking.....	58
HOOFSTUK 5: DIE MOONTLIKE AANWENDING VAN FORENSIESE LINGUISTIEK BY DIE ONDERSOEK VAN UITVISSINGSKEMAS.....		
5.1	Inleiding.....	60
5.2	Uitvissingskemas.....	60
5.3	Uitvissingsbedrog en linguistiek.....	61
5.4	Tipering van uitvissingspos.....	62
5.5	Waarskuwingstekens en kenmerke van uitvissing.....	64
5.6	Ontleding van e-pos versameling.....	68
5.7	Gevolgtrekking.....	73

HOOFSTUK 6: GEVOLGTREKKING EN AANBEVELINGS	75
6.1 Inleiding	75
6.2 Bevindinge	76
6.2.1 Omskrywing van forensiese linguistiek en die rol daarvan by outeursidentifikasie	76
6.2.2 Is forensiese linguistiek 'n deskundige veld?	76
6.2.3 Die relevansie van forensiese linguistiek by die ondersoek van witboordjiemisdade	77
6.2.4 Die relevansie van forensies-linguistiese getuienis met betrekking tot witboordjiemisdade	77
6.2.5 Toelaatbaarheid van deskundige getuienis in buitelandse jurisdiksies ...	78
6.3 Finale gevolgtrekking en aanbevelings	78
Bronnelys	80

Sleutelwoorden

forensies; linguïstiek; witboordjiemisdaad; toelaatbaarheid; getuienis; outeurskap;
persoonsidentifikasie; outeursidentifikasie

HOOFSTUK 1: INLEIDING EN AGTERGROND

1.1 Inleiding en agtergrond

1.1.1 Agtergrond

Tegnologiese ontwikkeling het snelle verandering meegebring in die wyse waarop die mens kommunikeer en handel dryf. Ongelukkig het dit ook 'n toename in sogenaamde witboordjiemisdade teweeg gebring, asook vooruitgang in die wyse waarop hierdie misdade gepleeg word. Op sy beurt noodsaak dit innoverende oplossings in die ondersoek en bekamping van hierdie misdade. Die moontlike toepassing van forensiese linguistiek in hierdie verband blyk juis so 'n innoverende oplossing te bied.

Edwin Sutherland het die term *witboordjiemisdad* in 1939 gedefiniër as “a crime committed by a person of respectability and high social status in the course of his occupation (Newburn, 2007:373)”. Investopedia (2013) beskryf *witboordjiewerker* as 'n kantoorwerker in 'n professionele, besturende of administratiewe posisie, wat op 'n element van geletterdheid en opvoeding dui. *Witboordjiemisdad* behels dus niegewelddadige misdade wat finansiële voordeel ten doel het (Investopedia, 2013), byvoorbeeld die verdoeseling van fondse, geldwassery, verkoop van onwettige middels soos dwelms, piramideskemas of omkopery (Manning, 2005:v).

Witboordjiemisdad is 'n prominente en groeiende bekommernis in Suid-Afrika en die behoefte aan die bekamping daarvan is groot, volgens navorsing deur Van Romburgh (2008:4). PWC (2011) se opname rakende witboordjiemisdad in Suid-Afrika toon dat 60% van respondente in 2011 slagoffers van hierdie soort misdad was. Die rekeningkundige en ouditeursprofessie word gevolglik al hoe meer gekonfronteer met die uitdaging om sodanige misdade te identifiseer en tegnieke te ontwikkel om dit bloot te lê en te ondersoek (Manning, 2005:v). Só 'n ondersoek staan bekend as 'n *forensiese rekeningkundige ondersoek*.

Die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT, 2005c:242) definieer *forensies* as “op geregshowe betrekkinghebbende”, waar die Concise Oxford Dictionary (1996:530) *forensies* beskryf as “1 of or used in connection with

courts of law, esp. in relation to crime detection (forensic evidence) 2 of or employing forensic science.”

Forensiese rekeningkunde, volgens Manning (2005:v), is die insameling en aanbieding van finansiële inligting op só 'n wyse dat dit in die hof as getuie is teen plegers van ekonomiese misdade toelaatbaar sal wees. 'n *Forensiese rekeningkundige ondersoek* behels dus die insameling van hoofsaaklik rekeningkundige en finansiële bewysstukke ten opsigte van die pleging van die misdaad vir voorlegging en oorweging daarvan deur die hof. 'n Persoon met voldoende finansiële en regs kennis om witboordjiemisdade te ondersoek, staan as 'n *forensiese rekenmeester* bekend.

'n Pertinente vraag wat hierdie studie geïnspireer het, is hoe en waarom die outeurskap van dokumente van toepassing is op die ondersoek van witboordjiemisdade. Die ondersoek en vervolging van witboordjiemisdade behels uiteeraard die insameling van bewysmateriaal rakende die relevante aangeleentheid, met ander woorde, 'n papierspoor moet saamgestel word. Ekimoff (2013) beweer dat inligting in 'n verskeidenheid vorme kan voorkom, byvoorbeeld transaksiedata, finansiële state, beleidsdokumente, e-posse, persverklarings, regsopdragte, en notas of korrespondensie tussen medepligtiges. Die outeurskap van sodanige dokumente is dikwels 'n vraagstuk wat opgelos moet word.

Ekimoff (2013) voer aan dat 'n forensies-linguistiese metode, naamlik stilometrie, antwoorde op die volgende vrae rakende outeurskap kan bied:

- Is die dokument werklik geskryf deur die persoon/groep wat hulself as outeur voordoen?
- Is 'n dokument/getuie eg en outentiek, of is dit dalk gewysig? Byvoorbeeld, soms word iemand deur die polisie gelei of voorgesê wat om in 'n verklaring te skryf.

'n Spesifieke vorm van witboordjiemisdaad waar die bepaling van outeurskap noodsaaklik is, is uitvissingsbedrog. Dit is 'n vorm van kubermisdade waarin 'n individu telefonies of per e-pos gekontak word deur kubermisdadigers wat hulleself as 'n bekende en wettige instansie/persoon voordoen; die slagoffer word dan oortuig om sensitiewe en persoonlike inligting, soos bank- of kredietkaartbesonderhede,

bekend te maak (Phishing.org, 2013). Die inligting kan gebruik word om toegang tot die slagoffer se rekening te verkry, wat identiteitsdiefstal en/of finansiële verlies tot gevolg kan hê (Microsoft, 2013). Dit is belangrik om die outeurs van uitvissings-e-posse te identifiseer ten einde hierdie skemas stop te sit en die oortreders te vervolg.

Volgens EMC Corporation (2013a) se “RSA online fraud report” - vir Februarie 2013 was daar in 2012 'n wêreldwye gemiddelde van 37 000 uitvissingsaanvalle per maand, en die gekombineerde verliese as gevolg van uitvissing was ongeveer \$1,5 miljard. In Maart 2013 het uitvissingsbedrog in Suid-Afrika 9% deel uitgemaak van die wêreldwye statistiek (EMC Corporation, 2013b). Dit is duidelik dat die omvang en gevolge van uitvissingsbedrog huidig en wesenlik is en dat dit diepgaande ondersoek noop.

Linguistiek is die wetenskap van taalstudie (Olsson, 2004:3). Die term *toegepaste linguistiek* kan dus beskryf word as die toepassing van bevindinge uit taalkundige navorsing. 'n Bondige beskrywing van *forensiese linguistiek* is die toepassing van taalkundige vaardighede op die regsforum; 'n vorm van toegepaste linguistiek wat taal, misdaad en die reg konfigureer. Kotzé (2007:385) beskryf die tipe toepassings wat forensiese linguistiek behels, naamlik stemherkenning, aksent-identifikasie, identifisering van handelsnaamplagiat, en identifisering van die outeurskap van forensiese dokumente, byvoorbeeld dreigtekste, skuldbekentnisse of enige ander teks wat met 'n regs- of strafbare aangeleentheid verband hou.

Sommige navorsers is van mening dat elke persoon oor 'n unieke idiolek beskik en dat die outeurskap van dokumente op grond van 'n sogenaamde linguistiese vingerafdruk bepaal kan word (Coulthard en Johnson, 2007:161)¹ Die vraag wat ontstaan is in watter mate hierdie begrip aangewend kan word om outeurskap van dokumente te bepaal. Hoeveel identiese items moet in onderskeie skryfstukke voorkom om 'n besluit te ondersteun dat dit deur dieselfde outeur geskryf is? Die bepaling van outeurskap van dokumente is juis die area van forensiese linguistiek waarop hierdie studie fokus, met spesifieke verwysing na die toelaatbaarheid van forensies-linguistiese getuienis in die Suid-Afrikaanse konteks.

¹ **Idiolek** – “The variety or form of a language, used by an individual” (Collins English Dictionary, 2009). Dus, die unieke linguistiese eienskappe van 'n individu.

Die noodsaak om die outeurskap van dokumente te bepaal, is nie iets nuuts nie. Volgens Olsson (2008) het die fenomeen van plagiaat reeds onder antieke Griekse dramaturge voorgekom. Outeursidentifikasie is waarskynlik die gebied van forensiese linguistiek waarop die meeste navorsing gemeld is. Reeds in 1851 het die Britse logistikus, Augustus de Morgan, beweer dat die outeurs van Bybelboeke geïdentifiseer kan word deur woordlengte as 'n onderskeidende kenmerk van 'n outeur se skryfstyl te gebruik (Kotzé, 2007:385). Selfs die outeurskap van sekere Shakespeare-werke is op 'n stadium in twyfel getrek: Daar is vermoed dat byna 70 verskillende outeurs die ware skrywers van sommige van sy werke was. Die rolprent *Anonymous* (2011) handel oor hoe Shakespeare krediet geneem het vir werke uit iemand anders, wat anoniem moes bly, se pen. Die lokprent insinueer dat daar egter tussen die lyne gelees moet word om die ware skrywer te ontmasker (IMbd, 2013).

Volgens Kotzé (2007:386) is die eerste oortuigende aanduiding dat outeurskap van dokumente deur middel van taalontleding bepaal kan word, 'n ontleding deur Mosteller en Wallace in 1963 van 85 politieke essays, almal onderteken deur ene Publius. Hierdie navorsers het vasgestel dat drie verskillende outeurs, naamlik John Jay, Alexander Hamilton en James Madison, vir die skryf van die essays verantwoordelik was (Kotzé, 2007:386). Hulle kon selfs bepaal watter dokument deur watter skrywer geskryf is deur profiele saam te stel oor tekstuele eienskappe van die verskillende dokumente, byvoorbeeld grammatikale woorde wat dikwels voorkom (Kotzé, 2007:386). Let wel dat hierdie getuienis nie deur 'n regbank oorweeg is nie en dat hierdie ondersoek slegs die onderwerp van 'n akademiese ontleding gevorm het.

Volgens Olsson (2008:20) is die term *forensiese linguistiek* in 1968 vir die eerste keer deur Jan Svartvik, 'n professor in linguistiek, gebruik. Hy het verslag gelewer oor 'n stilometriese analise wat hy uitgevoer het om onderskeid te tref tussen verklarings wat werklik deur 'n beskuldigde, Timothy Evans, gemaak is, en verklarings wat deur die polisie gewysig is.² Svartvik se analise het getoon dat die verklarings wat na bewering deur Evans afgelê is, linguisties baie verskil het. Dit

² **Stilometrie** is die toepassing van die studie van linguistiese styl, gewoonlik op geskrewe vorme van taal. Dit behels om die frekwensie van die voorkoms van sekere woordsoorte – byvoorbeeld selfstandige naamwoorde wat met klinkers begin, of twee- en drieletter-woorde – te bepaal en die voorkoms daarvan in verskeie tekste by wyse van statistiese metodes te vergelyk, aangesien die aantal kere wat sulke woorde gebruik word, verskil tussen outeurs (Gibbons, 2003:302).

impliseer dat sommige van die verklarings moontlik deur die polisie gewysig is omdat Evans se tipiese taalgebruik nie in al die verklarings deursyfer nie.

Vir die toelaatbaarheid daarvan in die hof, is die relevantheid van bewysstukke van die uiterste belang. Ingevolge artikel 210 van die Strafproseswet (1977) sal geen getuienis wat nie relevant of nie wesenlik is nie, en wat nie gebruik kan word om 'n feit te bewys of te weerlê nie, toelaatbaar wees nie. Daar moet 'n direkte verband tussen die getuienis en die aard en omvang van die geskilpunte wees (Schwikkard & Van der Merwe, 2005:47). Die huidige navorsing sal dus poog om te bepaal of outeursidentifikasie by wyse van forensies-linguistiese ontleding wesenlik en relevant genoeg is om in Suid-Afrikaanse howe toelaatbaar te wees. Anders gestel, is die toepassing van linguistiek in 'n forensiese konteks akkuraat, geloofwaardig of betroubaar genoeg om tot die bewys van 'n feit, naamlik outeursidentiteit, in die hof by te dra? Relevansie en toelaatbaarheid sal in detail ondersoek en bespreek word.

Hierdie tipe getuienis verg die verskaffing van 'n opinie, spesifiek 'n deskundige opinie. 'n Aantal bewysregtelike voorbehoude geld alvorens opiniegetuienis, en spesifiek deskundige getuienis as vorm van opiniegetuienis, in geregtelike verrigtinge toelaatbaar sal wees. Verder moet vasgestel word hoe deskundigheid in die veld van forensiese linguistiek bepaal word.

1.1.2 Motivering

Deur die outeurs van dokumente betrokke by witboordjiemisdad te bepaal, kan verdagtes en/of beskuldigdes moontlik vir vervolging geïdentifiseer word, en selfs ten opsigte van skuldigbevinding kan outeursidentifikasie 'n rol speel.

Volgens die HAT (2005d:368) is *handskrif* "1. Skrif wat met die hand uitgevoer is ... 2. Iemand se besondere manier van skrywe, sover dit die vorming van letters aangaan...". Daar kan dus afgelei word dat elke persoon 'n unieke handskrif het, wat sal beteken dat die outeur van 'n dokument deur 'n handskrifdeskundige geïdentifiseer kan word. 'n *Handskrifdeskundige* is 'n "deskundige op die gebied van handskrifte wat deur vergelyking kan vasstel of 'n bepaalde stuk deur 'n bepaalde persoon geskryf is ..." (HAT, 2005e:368). In *S v Bran* (1993) is getuienis deur 'n handskrifdeskundige toegelaat, oorweeg en uiteindelik deur die hof in ag geneem

om 'n bevinding te maak. Die deskundige het 'n dokument waarvan die outeurskap in geskil was, vergelyk met 'n monster wat die beskuldigde toegestem het om te skryf. Gegronde op sodanige vergelyking en die ooreenkomste wat die deskundige kon uitwys, is die afleiding gemaak dat die beskuldigde wel die skrywer was van die dokument in geskil (*S v Bran*, 1993). Die feit dat hierdie getuie vir die uiteindelijke skuldigbevinding in ag geneem is, dui daarop dat Suid-Afrikaanse hofe aanvaar dat handskrif uniek is tot 'n spesifieke individu en dat handskrifontleding 'n aanvaarde metode vir outeursidentifikasie is. Daar is ook wetgewing, naamlik artikel 228 van die Strafproseswet (1977) en artikel 4 van die Wet op Bewysleer in Siviele Sake (1965), wat bepaal dat, wanneer die handskrif van 'n stuk in geskil is, die identifikasie kan geskied deur 'n getuie wat die handskrif kan uitken.

Dit is egter belangrik om daarop te let dat handskrifontleding slegs sal geld vir handgeskrewe dokumente, terwyl 'n *dokument* enige iets kan insluit wat geskrewe of beeldelike bewys van iets bevat (*Secombe v Attorney-General*, 1919).

Volgens Schmidt en Rademeyer (2000:336) is die primêre definisie van 'n *dokument* "papier of ander materiaal waarop inligting aangebring is". Dit maak nie saak van watter materiaal dit gemaak is nie en kan geskrewe, getikte of gedrukte getuie insluit. In 'n era waar elektroniese kommunikasie, soos e-pos en SMS, hoofsaaklik gebruik word, raak handskrifontleding al hoe minder relevant en ontstaan daar 'n praktiese nood vir 'n alternatiewe wyse van outeurskapidentifikasie. Vandaar die belang van forensiese linguïstiek vir outeursidentifikasie omdat dit nie tot die vorm waarin 'n dokument voorkom, beperk is nie. Wat elektroniese dokumente betref, is forensiese linguïstiek ook 'n meer toepaslike alternatief, veral by die ondersoek van rekenaarmisdade soos uitvissingsbedrog. PWC (2011) se opname oor witboordjiemisdade lê ook spesifiek klem op kubermisdade omdat die meeste besighede deesdae op die internet en ander vorme van elektroniese media staatmaak.

Daar is 'n aantal buitelandse hofsake waar getuie deur 'n stilometriese deskundige tot uitsprake bygedra het (Hubbard, 1995:58). Die veld van forensiese linguïstiek is egter 'n toepassing wat grotendeels in Suid-Afrika nog onbenut is (Kotzé, 2007:385). Handboeke oor die Suid-Afrikaanse bewysreg verwys selde na die dissipline van forensiese linguïstiek. As die effektiwiteit van forensiese linguïstiek

en die toelaatbaarheid daarvan as getuienis bewys kan word, kan dit die weg baan vir toekomstige forensiese toepassings van linguistiese kundigheid vir outeursidentifikasie. In gevalle waar outeurskap van dokumente 'n beslissende rol in 'n hofgeding kan speel, en die outeurskap daarvan by wyse van linguistiese ontleding bepaal kan word, sal die toelaatbaarheid van die bevindinge uit die taalkundige ondersoek aan die lig kom.

1.2 Probleemstelling

Uit die voorafgaande paragrawe kom die vraag na vore: Wat is die relevansie en bewyswaarde van forensies-linguistiese getuienis in die ondersoek en vervolging van witboordjiemisdade?

Om die oorhoofse probleem op te klaar, sal hierdie navorsing aandag skenk aan die vereistes vir toelaatbare getuienis, spesifiek deskundige getuienis, in die Suid-Afrikaanse reg. Die soeklig sal val op die toelaatbaarheid van forensies-linguistiese getuienis in Suid-Afrikaanse regspraak, asook die toelaatbaarheid daarvan in buitelandse jurisdiksies, ten einde vas te stel of sodanige getuienis effektief tot beslissings rakende outeursidentiteit kan bydra. Die relevansie van die aanwending van forensiese linguistiek by die ondersoek van witboordjiemisdade, spesifiek uitvissingsbedrog, sal ook uitgelig word.

1.3 Navorsingsdoelwitte

In die lig van die probleemstelling volgens paragraaf 1.2 fokus hierdie navorsingstuk op die volgende primêre en sekondêre doelwitte:

- Die omskrywing van die begrip *forensiese linguistiek*.

Sekondêre doelwitte:

- bepaal of forensiese linguistiek 'n deskundige veld is;
- beskryf hoe forensiese linguistiek vir outeursidentifikasie aangewend kan word; en

- bepaal die bydrae wat forensies-linguistiese getuienis rakende outeursidentifikasie gelewer het tot uitsprake in Suid-Afrikaanse en buitelandse hofsake tot op hede.
- Die bepaling van toelaatbaarheidsvereistes vir forensies-linguistiese getuienis.

Sekondêre doelwitte:

- bespreek die toelaatbaarheidsvereistes vir reële getuienis;
- bespreek die toelaatbaarheidsvereistes vir opinie- en deskundige getuienis;
- bespreek die toelaatbaarheidsvereistes vir getuienis oor handskrif en die toepassing daarvan op forensies-linguistiese getuienis; en
- bepaal die regverdiging vir die toelaatbaarheid van forensies-linguistiese getuienis in buitelandse jurisdiksies.
- Die relevantheid van forensiese linguistiek by die ondersoek van witboordjiemisdad.

Sekondêre doelwitte:

- omskryf *witboordjiemisdad* en hoe dit ondersoek word, dus ook die begrip *forensiese rekenmeesterskap*; en
- bespreek hoe die identifisering van outeurskap van dokumente deel uitmaak van 'n witboordjiemisdad-ondersoek.
- Die relevantheid van forensiese linguistiek vir die ondersoek en bekamping van uitvissingskemas.

Sekondêre doelwitte:

- omskryf *uitvissingskemas* en die rol wat linguistiek daarin speel;
- bespreek afleidings verkry uit linguistiese ontledings van 'n aantal e-posse verwant aan uitvissingskemas; en

- bepaal of en hoe forensiese linguistiek tot die ondersoek en bekamping van uitvissingskemas kan bydra.

1.4 Metode van ondersoek

1.4.1 Literatuurstudie

Navorsing is gedoen aan die hand van 'n literatuurstudie wat die bestudering en kritiese evaluering van beskikbare en relevante literatuur behels. Vir die doel van hierdie studie verwys *literatuur* na geskrewe werk, in harde kopie of in elektroniese formaat, wat verskeie aspekte van forensiese linguistiek en die relevansie daarvan vir witboordjemiesdaad bevat. Die literatuur wat vir hierdie studie benut is, bestaan uit:

- toepaslike akademiese vaktydskrifte en publikasies;
- elektroniese publikasies;
- Suid-Afrikaanse en buitelandse regspraak;
- gevallestudies;
- akademiese handboeke;
- studiegidse; en
- webblaaie en webartikels.

Vir doeleindes van kwalitatiewe navorsing is 'n aantal e-posse ingesamel vir analise deur 'n taalkundige.

1.5 Oorsig

Hoofstuk 1: Doel en omvang van die studie

Hierdie hoofstuk fokus op die volgende:

- agtergrond tot die studie;
- motivering vir die navorsing;
- probleemstelling;
- navorsingsdoelwitte; en
- metode van ondersoek.

Hoofstuk 2: Forensiese linguistiek

Die doel van hoofstuk 2 is om die term *forensiese linguistiek* te definieer en te bepaal of dit as 'n deskundige of wetenskaplike veld beskou kan word. Hierdie hoofstuk beoog verder om vas te stel of en hoe forensiese linguistiek tot outeursidentifisering kan bydra. Daar word ook verwys na forensies-linguistiese getuienis in Suid-Afrikaanse hofsake ten einde te bespreek watter bydrae die getuienis in die sake kon lewer.

Hoofstuk 3: Toelaatbaarheidsvereistes vir forensies-linguistiese getuienis

Hoofstuk 3 verduidelik eerstens wat *toelaatbaarheid* is, dan word bestaande navorsing oor die toelaatbaarheid van opinie- en deskundige getuienis weergegee, en dan spesifiek die toelaatbaarheid van hierdie soort getuienis ingevolge die Suid-Afrikaanse reg. Reële getuienis sal ook bespreek word. Verder word die toelaatbaarheid van getuienis met betrekking tot handskrifontleding, 'n reeds erkende vorm van outeursidentifikasie, ondersoek. Bevindinge sal op forensies-linguistiese getuienis toegepas word om riglyne vir die toelaatbaarheid van forensies-linguistiese getuienis in Suid-Afrika te identifiseer.

'n Verdere oogmerk van die hoofstuk is om die toelaatbaarheid van forensies-linguistiese getuienis in buitelandse jurisdiksies te bespreek en die regverdiging vir die toelaatbaarheid te ondersoek.

Hoofstuk 4: Die belang van forensies-linguistiese getuienis met betrekking tot witboordjiemisdaad

Die vierde hoofstuk definieer en bespreek witboordjiemisdaad en forensiese rekenmeesterskap. Die klem val op die relevansie van forensiese linguistiek in die ondersoek van sodanige misdade en of en waarom die toelaatbaarheid van forensies-linguistiese getuienis van belang is in die ondersoek van witboordjiemisdaad.

Hoofstuk 5: Die belang van forensiese linguistiek by die ondersoek en bekamping van uitvissingskemas

In hoofstuk 5 word 'n spesifieke vorm van witboordjiemisdaad, naamlik uitvissingskemas, beskryf met verwysing na 'n aantal e-posse wat as hierdie soort skemas geklassifiseer kan word, verkry vanaf die Suid-Afrikaanse Inligtingsentrum vir Bankrisiko's (Sabric) se databasis. Die oogmerk is om hierdie e-posse deur 'n taalkundige te laat ontleed ten einde te bepaal of die outeurs van die e-posse by wyse van linguistiese ontleding gekenmerk kan word. Na aanleiding van die uitkoms van die analise sal afleidings gemaak word met betrekking tot die rol wat forensiese linguistiek in die ondersoek en bekamping van uitvissingskemas kan vervul.

Hoofstuk 8: Gevolgtrekking en aanbevelings

In die laaste hoofstuk sal 'n gevolgtrekking gemaak word met betrekking tot:

- die relevansie van forensiese linguistiek vir outeursidentifikasie;
- die relevansie van forensiese linguistiek by witboordjiemisdaad en spesifiek met betrekking tot uitvissingsbedrog; en
- die toelaatbaarheid van forensies-linguistiese getuienis in Suid-Afrika en of sodanige getuienis toegelaat behoort te word vir doeleindes van verhore wat met witboordjiemisdaad verband hou.

HOOFSTUK 2: WAT IS FORENSIESE LINGUISTIEK?

2.1 Inleiding

Hierdie hoofstuk beoog om die begrip *forensiese linguistiek* en die rol daarvan by outeursidentifikasie te bespreek. Dit behels onder meer 'n bespreking van wat praktisyns in die veld doen, die historiese ontwikkeling van die praktyk en die opleiding, kwalifikasies en kundigheid wat van praktisyns vereis word. Sodanige ontleding van die praktyk word gedoen eerstens om te bepaal of forensiese linguistiek 'n deskundige of wetenskaplike veld is en tweedens om die elemente wat geïdentifiseer word, te toets aan die kriteria vir aanbieding van deskundige getuienis ingevolge die Suid-Afrikaanse bewysreg, soos in hoofstuk 3 bespreek sal word.

2.2 Omskrywing van forensiese linguistiek

Pei (1984:668) beskryf *linguistiek (taalwetenskap)* as die studie van taal, spesifiek gesproke taal, maar 'n breër definisie sluit geskrewe tekste in. *Taal* word weer beskryf as:

- 1) Kommunikasie-middel van die mens, voortgebring deur spraakorgane; menslike spraak; ook, die skryfvorm hiervan ...; 2(a) Besondere karakteristieke spraak van 'n bepaalde gemeenskap, groep, volk ...; (b) Kultuurvorm van 'n taal ...; (c) Tipiese taalgebruik van 'n bepaalde kleiner groep, kring ...” (HAT, 2005g:1157).

Die woord *forensies* is afgelei van die Latynse adjektief *forensis*, wat beteken *openbaar/publiek*, vanaf die naamwoord *forum* (Olsson, 2008:3), dit wil sê die openbare verhoog waar regsake in die ou Rome beslis is. Die woord het, volgens Kotzé (2012a:1), slegs betrekking op een aspek van die regspleging, naamlik “om relevante feite of getuienis in 'n geregshof te ondersoek en te evalueer”. Daarom kan dit gebruik word om getuienis op verskeie toepassingsterreine te beskryf, byvoorbeeld 'n forensiese foto of forensiese ballistiek. *Forensiese linguistiek* blyk dan 'n interdisiplinêre veld te wees wat verband hou met die studie van taal in 'n regs-konteks en dus die aanwending van taalkundige insig verg om “feite of getuienis

in 'n geregshof te ondersoek en te evalueer" (Kotzé, 2012a:1). Olsson (2008:4) som dit op as die aanwending van linguistiese kennis by hofverrigtinge of in privaat geskille wat op 'n latere stadium tot regstappe kan lei.

Die afleiding is dat forensiese linguistiek getuienislewering van linguistiese bevindinge sal behels. Daarom moet 'n forensiese linguïst eerstens kennis dra van toepaslike regsbeginsele en tweedens toesien dat regsgeleerdes in sake wat met die linguistiek verband hou, die linguistiese proses verstaan (Olsson, 2008:15). Dit sal behels dat 'n getuie wat 'n opinie aangaande linguistiek lug, in staat moet wees om hierdie opinie aan die hof te verduidelik.

2.3 Toepassing van forensies linguistiek

Olsson (2008:4-13), Coulthard en Johnson (2007:3-8), en Tiersma (2010) verwys na die volgende areas van forensiese linguistiek:

- forensiese fonetiek (byvoorbeeld om te bepaal of 'n stem op 'n bandopname die beskuldigde s'n is);
- outeurskapsidentifikasie (om te bepaal wie 'n bepaalde teks geskryf het);
- identifisering van 'n persoon se nasionaliteit en moedertaal;
- om vas te stel of 'n spreker of skrywer die waarheid weergee;
- omstandighede waaronder verklaringe afgeneem word in polisie-onderhoude/ondervragings;
- die betekenis van woorde;
- die betekenis van regsterme;
- plagiaat;
- handelsmerke; en
- vervalsing.

Hoewel al bogenoemde temas belangrike kwessies rakende taal en regspleging aanroer, fokus hierdie werkstuk op die area van forensiese linguistiek wat met die bepaling van outeurs van tekste verband hou.

2.4 Die bydrae van forensiese linguistiek tot outeursidentifikasie

Forensiese linguistiek is in 'n groot mate 'n teksgerigte dissipline en berus dikwels op die analise van verskillende soorte geskrewe tekste. Sodanige tekste staan bekend as forensiese tekste, aangesien dit in 'n regs konteks van belang is (Olsson, 2008:1). Die vorm wat die teks aanneem, kan strek van 'n noodoproep, 'n parkeerkaartjie, 'n brief, 'n boek, 'n tesis, 'n artikel, 'n testament, tot 'n kontrak of e-pos.

Outeurskap beteken onder andere om beheer te hê oor die taalgebruik wat jy voortbring (Olsson, 2008:9). Die bepaling van outeurskap behels dus die identifisering van die persoon wat vir die voortbrenging van 'n bepaalde teks verantwoordelik is.

Broeders (2001:D2_55) beskryf die begrip *linguistiese outeursidentifikasie* as die linguistiese analise van gesproke of geskrewe tekste met die doel om die skrywer (of spreker) van die teks te bepaal. Die idee is dus om eienskappe eie aan 'n outeur te identifiseer. Die vraag is egter of die outeurskap van tekste betroubaar by wyse van taalontleding bepaal kan word.

Volgens Gibbons (2003:303) kan die gebruik van sekere woorde deur 'n outeur tot sy/haar identifisering lei. Dit is byvoorbeeld onwaarskynlik dat 'n persoon 'n teks geskryf het waarin baie tegniese terme gebruik word wat nie aan daardie persoon bekend behoort te wees nie (Gibbons, 2003:303). In *R v Secretary of State for the Home Department, ex parte Hickey and others (No 2) and other appeals* (1995) word daar verwys na getuienis wat aandui dat die taalgebruik in die verklaring wat as dié van die beskuldigde voorgehou is, nie met die beskuldigde se taalgebruik ooreenstem nie. Hierdie linguistiese getuienis toon dat die verklaring moontlik gewysig is deur die polisielede wat die verklaring afgeneem het.

2.5 Gevalle waar forensiese linguistiek bygedra het tot outeursidentifikasie

Daar bestaan 'n aantal gevalle waarin die aanwending van forensiese linguistiek gewig gedra het by outeursidentifikasie.

2.5.1 Unabomber

'n Bekende voorbeeld waar forensiese linguistiek suksesvol vir outeursidentifikasie gebruik is in die buiteland, is die "University and Airline Bomber"- (Unabomber) ondersoek. Die Unabomber het tussen 1978 en 1995 'n aantal bomme aan verskeie universiteite en lugrederye gestuur waarin talle mense gesterf het en ander beseer is (Coulthard, 2004:432). In 1995 publiseer *The New York Times*, op versoek van die Unabomber, 'n manifest oor sy filosofie rakende die toekoms en tegnologie (Coulthard, 2004:432). Die broer van ene Ted Kaczynski het die skryfstyl van die manifest gekoppel aan briewe wat Kaczynski aan hom geskryf het, en hy het die FBI daarvan in kennis gestel. Forensiese linguiste kon talle leksikale, oftewel woordeskat, items in die manifest identifiseer wat ooreenstem met ander tekste wat deur Kaczynski geskryf maar nie gepubliseer is nie. Die frase "cool-headed logician" is byvoorbeeld uitgewys as 'n idiolektale voorkeur van Kaczynski, en die frase het ook voorgekom in die Unabomber manifest (Coulthard, 2004:432). Dit wil dus voorkom dat linguistiese ontledings die ooreenkomste in die Unabomber en Kaczynski se voorkeur in woordeskat kon uitwys en sodoende is daar bepaal dat Kaczynski inderdaad die outeur van die manifest was, wat uiteindelik tot sy inhegtenisneming en vervolging gelei het (Coulthard, 2004:432). Forensiese linguistiek was daarom in hierdie geval die ondersoekmiddel wat tot identifisering van die Unabomber gelei het.

2.5.2 J.K Rowling – The Cuckoo's calling

Die bekende skrywer, J.K. Rowling, het onlangs erken dat sy 'n roman met die naam *The Cuckoo's calling* onder 'n skuilnaam gepubliseer het. Sy het hierdie bekentenis is gemaak nadat 'n span linguiste, by wyse van 'n stilometriese ontleding, vasgestel het dat sy die werklike skrywer van die boek is (Ekimoff, 2013). Joula (2013), die ontleder, het die roman met vier ander vergelyk, een van Rowling en drie van drie verskillende skrywers. Elke hoeveelheid 1 000 woorde van *The Cuckoo's calling* is

vergelyk met 'n basislyn van elk van die ander vier boeke. Joula (2013) het vier aspekte van die tekste vergelyk, naamlik:

- woordlengte;
- die 100 mees algemene woorde van elke teks;
- woordeskat – woordpare (woorde wat gereeld saam gebruik word); en
- woordeskat – “4-grams” (groepe van vier karakters wat gereeld na mekaar voorkom, byvoorbeeld “nsid” in “inside”).

Die enigste skrywer wie se werk uit al die analyses konstant met *The Cuckoo's calling* ooreengestem het, was Rowling (Joule, 2013). In iedere geval het Rowling se teks die meeste ooreenstemming met *The Cuckoo's calling* getoon en dus daarop gedui dat Rowling, uit die vier skrywers, die mees waarskynlike outeur van *The Cuckoo's calling* is.

2.2.3 S v Bran 1993 ZASCA 11

Die mees invloedryke Suid-Afrikaanse hofsaak in die konteks van forensiese linguïstiek is die afpersingsaak wat in 1990 gediën het, naamlik *S v Bran*. Professor Hilton Hubbard, 'n professor in linguïstiek aan die Universiteit van Suid-Afrika, het in die saak getuig. Die saak behels 'n reeks dreigbriewe wat aan 'n landswye kettingwinkelgroep gestuur is en beweer het dat voedsel op die winkelrakke vergiftig sou word, en die pers verwittig sou word, tensy 'n losprys van R1,5 miljoen deur die winkel vereffen word (Hubbard, 1994:4). Die identiteit van die skrywer van die dreigbriewe was in geskil (Hubbard, 1994).

'n Deskundige vir die verdediging het die beskuldigde – 'n Poolse moedertaalspreker – versoek om verskeie opstelle in Engels te skryf ten einde dit met die beweerde dreigbriewe te vergelyk. Die deskundige het getuig dat dit volgens die vergelyking van die dreigbriewe met die sewe opstelle wat die beskuldigde geskryf het hoogs onwaarskynlik was dat die beskuldigde die briewe geskryf het (*S v Bran*, 1993).

Die identifiseringsproses is toe verder verfyn deurdat die Staat 'n taalkundige, naamlik Hubbard, genader het om 'n stilometriese sowel as 'n foutanalise uit te voer,

waar opstelle van die beskuldigde, asook van ander Poolse moedertaalsprekers, met die dreigbriewe vergelyk is (Hubbard, 1994).

Die proses van foutanalise berus op die veronderstelling dat outeurs konstante foute begaan van een geleentheid na die ander. Hierdie aanname dien as basis wanneer dokumente met mekaar vergelyk word; met ander woorde, as die tipe en aantal foute in verskillende dokumente konstant voorkom, is die moontlikheid groot dat dit deur dieselfde persoon geskryf is (Hubbard, 1994:6).

Hubbard se foutanalise het vasgestel dat die profiel van spelfoute in die beskuldigde se opstelle nader aan die dreigtekste was as dié van die ander persone wat getoets is. Gevolglik is getuienis sodanig gelewer, en is die stelling dat die beskuldigde onwaarskynlik die outeur van die briewe was, weerlê (Hubbard, 1994:14).

Hierdie bevinding het tot die skuldigbevinding van die beskuldigde bygedra want, alhoewel dit nie op sigself voldoende was vir skuldigbevinding nie, kon dit minstens die verdediging se stelling dat die beskuldigde hoogs onwaarskynlik die outeur van die dreigbriewe kon wees, weerlê (Hubbard, 1994:14).

Al noem Hubbard (1994) probleme wat by foutanalise kan voorkom, kan daar afgelei word dat dit wel forensiese waarde het ten opsigte van outeursidentifikasie, siende dat dit in die betrokke saak, tesame met 'n stilometriese analise, bygedra het tot die uiteindelijke skuldigbevinding van die beskuldigde (Hubbard, 1994:15).

In sy verslag verwys Hubbard (1994:4) na Spillner (1990) se stelling dat, hoewel daar selde na die rol van foutanalise in identifikasie van 'n skrywer verwys word, hierdie wetenskap skaars begin ontwikkel het en dat vooruitgang op die gebied verwag kan word.

In gevalle waar foutanalise gebruik is deur verskeie persone se taalgebruik te vergelyk met die primêre dokument wat ondersoek word, beveel Hubbard (1994:15) aan dat die persone oor dieselfde vlak van professionele, opvoedkundige en taalagtergrond en -vaardigheid beskik. Verder moet die identifisering van foute in 'n forensiese konteks so omvattend as moontlik wees, of indien selektief moet die aantal foute per 'n sekere aantal woorde vergelyk word (Hubbard, 1994:6).

Nog 'n Suid-Afrikaanse hofsaak waar forensies-linguistiese getuienis ter sprake was, is die sogenaamde Father Punch-saak waarvoor Kotzé (2007) verslag doen. In hierdie saak het forensies-linguistiese getuienis 'n beslissende rol by skuldigbevinding aan kriminele laster gespeel (Kotzé, 2007:385).

Kotzé (2007:387) is in 2003 deur die Direkteur van Openbare Vervolging in Bisho genader om in 'n lastersaak te bepaal of twee verskillende stelle dokumente uit die pen van dieselfde outeur afkomstig is. Die een stel dokumente was briewe aan die Oos-Kaapse Provinsiale Wetgewer, vanaf ene Father Punch, en die ander stel 'n aantal anonieme memoranda, met bewerings oor korrupte politici, wat vermoedelik deur dieselfde persoon geskryf is.

'n Stilometriese sowel as stilistiese analise van kenmerke van leksikale woorde is uitgevoer en die "oorwig van die getuienis" het getoon dat die dokumente inderdaad dieselfde outeur het (Kotzé, 2007:398). Die hof het die bevinding onderskryf en die beskuldigde, Kerr Hoho, is skuldig bevind (Kotzé, 2007:398). Die beslissende rol wat die linguistiese ontleding in hierdie saak gespeel het, het volgens Kotzé (2007:396) "erkenning verleen aan die waarde wat taalkundige insigte kan hê om uitsluitel te gee oor vermeende idiolektiese kenmerke van verdagtes in sowel kriminele as siviele sake". Met ander woorde, die koppeling van taalgebruikskenmerke aan outeurs kan as betroubare getuienis by outeursidentifikasie beskou word. Kotzé (2007:398-399) meen die feit dat die linguistiese ontleding so 'n deurslaggewende rol in die skuldigbevinding gespeel het, beteken dat "die Father Punch-sage die weg kan baan vir soortgelyke forensiese toepassings van linguistiese kundigheid".

Om 'n beter begrip te verkry van die linguistiese metodes wat vir outeursidentifikasie in outeurskap gebruik kan word, word Kotzé se metodologie in bogenoemde saak beskryf:

Benewens 'n foutanalise, is daar ook stilistiese en stilometriese analises op die taaldata uitgevoer (Kotzé, 2007:388). 'n Stilistiese analise sluit nie bloot vergelyking van foute in nie, maar ook identifisering van kenmerke wat nie van enige taalnorme afwyk nie, soos voorkeur vir spesifieke woordeskat-items of kombinasies van spesifieke woorde, wat gewoonlik deur die onderwerp van bespreking bepaal word (Kotzé, 2007:388). Die voorkoms van sulke kenmerke in verskillende tekste kan 'n

moontlike aanduiding van dieselfde outeur gee (Kotzé, 2007:388). In hierdie geval het die stilistiese analise sekere tipiese spel- en grammatikale foute opgelewer, asook vaste uitdrukkings en herhaalde voorbeelde van alliterasie. Kotzé (2007:396-398) noem voorbeelde van kenmerke wat as outeurskapsmerkers gedien het in die stilistiese analise deurdat dit in die primêre, asook verdagte dokumente, voorgekom het:

- Gebruik van die derdepersoonsvoornaamwoord *He* (en alle variante soos *Him*, *His* en *Himself*) met 'n aanvangshoofletter in die middel van 'n sin, wanneer daar na 'n gewone mens verwys word, eerder as wat dit as goddelike attribuut gebruik word;
- Spelling van die adjektief *secret* as *secrete*;
- Die gebruik van saamgestelde voorsetsels soos *without* en *into* as twee woorde: *with out* en *in to*;
- Voorkeur van alliterasie as literêre middel, byvoorbeeld *Ms. May, the figureless frog figure Finance Head* (primêre dokument), en *figureless witch with a frog figure*; en
- Uitdrukkings wat die woorde *Father*, *children* en *protect* insluit, soos *Father's children* en *Protect His children*.

'n Stilometriese analise fokus op die onderbewuste besluite wat 'n skrywer neem wanneer hy/sy 'n teks skryf. Hierdie analise behels die identifisering van statisties beduidende verskille tussen dokumente, hoofsaaklik met betrekking tot grammatikale woorde, soos *and*, *not*, *some*, *the*, *to*, *we*, ensovoorts, wat onder die bewussynsvlak gebruik word om sinne te struktureer (Kotzé, 2007:390). Morton (1978:107) beskryf die drie mees effektiewe aanduiders vir onderskeiding tussen skrywers, naamlik:

1. Die verskillende kombinasiepatrone van sekere woorde soos *and a*, *and the*, *as the*;
2. Proporsionele woordpare, byvoorbeeld *all* versus *any*; en
3. Gereelde gebruik van sekere woorde.

Olsson (2008:35) toon 'n voorbeeld van hoe die meting van frekwensie van woorde tot outeurstoeskrywing kan bydra, naamlik deur die woord *the* te meet soos dit deur bekende skrywers, onder andere Jane Austen, gebruik word. Dit kan soos volg geïllustreer word:

Voorkoms van die woord <i>the</i> (aantal kere)	Lengte van die teks (aantal woorde)	Titel van die teks	Frekwensie (% van teks wat uit die woord <i>the</i> bestaan)
4 105	119 606	<i>Sense and sensibility</i>	3,4
4 330	121 864	<i>Pride and prejudice</i>	3,6
6 209	159 922	<i>Mansfield park</i>	3,9

Hubbard (1995) beskryf die stilometriese proses verder in die lig van die vraag of mense “vingerafdrukke” agterlaat wanneer hulle skryf en noem dat, alhoewel mense se taalgebruik verskil tussen kontekste, daar tog aspekte van taalgebruik is wat nie so bewustelik beheer kan word nie (Hubbard, 1995:57), byvoorbeeld die gereelde gebruik van sekere woorde of kombinasie van sekere woorde. Hubbard (1995:57) stel dit soos volg: “It is therefore not surprising that it is precisely these particular idiolectal aspects of language use which have proved to be most useful in cases where disputes have arisen over the identity of authors of certain texts”.

Volgens Coulthard en Johnson (2007:161) het elke individu 'n groot en aktiewe woordeskat wat oor 'n aantal jare opgebou word. Sodanige woordeskat is uniek omdat dit sal verskil van ander individue se woordeskat ten opsigte van beskikbare woorde, oftewel woorde wat in die individu se omgewing/konteks beskikbaar is, asook weens individue se voorkeur om sekere woorde gereeld saam te gebruik (Coulthard & Johnson, 2007:161). Met ander woorde, al skryf twee skrywers oor presies dieselfde onderwerp, sal hulle nie noodwendig oorvleuelende of identiese items gebruik nie (Coulthard, 2004:433).

Die tegniek van stilometrie is al voorheen vir forensiese doeleindes aangewend, byvoorbeeld in die Walliese moordsaak teen Evans in 1950, waarin hy aangekla is

van die moord op sy vrou en babadogtertjie (Svartvik, 1968). Svartvik het 'n stilometriese analise uitgevoer op verskeie selfinkriminerende verklarings wat Evans na bewering aan die polisie gemaak het. Die analise het linguistiese verskille tussen die verklarings blootgelê en dat die taalgebruik in gedeeltes van die verklarings onwaarskynlik vir Evans se geletterdheidsvlak was (Svartvik, 1968:20). Daar is dus gronde om te glo dat sommige van die verklarings deur die polisie gewysig was. Daar is later vasgestel dat Evans inderdaad nie vir die moorde verantwoordelik was nie en onskuldig ter dood veroordeel is (Coulthard, 2004:431).

Hubbard (1995:58) verwys na 'n aantal Britse hofsake waar getuienis deur 'n stilometriese deskundige tot bevindinge bygedra het. Ook in die afpersingsaak waarin Hubbard self getuie was, soos vroeër genoem, het die linguistiese getuienis ander getuienis weerlê en tot skuldigbevinding van die beskuldigde bygedra.

Olsson (2008:25) is egter van mening dat daar nie genoegsame bewyse is om die nosie van "linguistiese vingerafdrukke" te ondersteun nie. Volgens Olsson (2008:30) speel faktore soos genre en styl 'n homogeniserende rol ten opsigte van taalgebruik, en is dit nutteloos om in terme van unieke styl te redeneer wanneer dit by outeursidentifikasie kom. Hy beveel aan dat die klem eerder moet lê op die relatiewe verskille tussen die verskillende kandidaatouteurs en hoe hulle tekste geklassifiseer word omdat dit 'n meer effektiewe ondersoekmetode is as om te probeer bewys dat elke individu in die wêreld 'n unieke styl het. Hierdie siening blyk tog ooreen te stem met die proses van foutanalise wat Hubbard uitgevoer het: Dit het behels om die opstelle van meer as een skrywer met mekaar te vergelyk om te bepaal watter opstelle die meeste ooreenstem met die verdagte dokumente sodat die mees waarskynlike outeur geïdentifiseer kon word.

2.6 Probleme met outeurskapsidentifikasie by wyse van linguistiek

Soos reeds genoem, kan genre taalgebruik beïnvloed. Tydsverloop tussen tekste wat vergelyk word, kan ook veroorsaak dat 'n outeur se styl varieer (Olsson, 2008:38). Verder is die hoeveelheid beskikbare data van belang vir die identifisering van eienskappe spesifiek aan 'n skrywer. Groot hoeveelhede taaldata is nodig om betekenisvolle resultate te behaal en 'n nadeel in die forensiese konteks

is dat forensiese tekste neig om baie kort te wees (Broeders, 2001:D2-68). Kotzé (2012a:2) beskryf dit só: “Elke tekstipe het egter ook sy eie beperkings wat betref die taalkundige inligting wat daaruit onttrek kan word, en dus is daar dikwels ’n afsnypunt wat betref die nuttigheidswaarde van so ’n dokument”. Losprys- of dreigbriewe is byvoorbeeld dikwels te kort om ’n betroubare afleiding rakende outeurskap te maak en ’n forensiese linguïst kan dikwels met meer oortuiging bepaal dat ’n sekere persoon nie die outeur van ’n teks is nie, eerder as om vas te stel dat iemand wel die outeur is (Tiersma, 2010). Dit kan problematies wees om een outeur uit te sonder in gevalle waar daar duisende verdagtes is. Tog kan ’n proses van eliminasië van verdagtes ook tot uiteindelijke outeursidentifikasie bydra.

Laastens word kritiek uitgespreek teen die betroubaarheid en geldigheid van linguïstiese metodes soos stilometrie. Die toelaatbaarheid van getuienis op grond van stilometriese analise word aan groot uitdagings onderwerp omdat dit net ’n gedeelte van linguïstiese ondersoek uitmaak (Gibbons, 2003:304). Tog dui Gibbons (2003) nie aan of die getuienis steeds in twyfel getrek sou word indien dit op stilometriese sowel as ander linguïstiese metodes gebaseer is nie; met ander woorde, as die stilometriese analise nie die enigste gronde is nie, maar deur verdere linguïstiese bewyse ondersteun word.

2.7 Forensiese linguïstiek teenoor handskrifontleding

Geen twee persone beskik oor presies dieselfde handskrif nie (Discovery, 2011). Dus kan outeurs van handgeskrewe dokumente by wyse van handskrifontleding geïdentifiseer word. Wanneer die outeurskap van ’n dokument in twyfel getrek word, kan ’n handskrifdeskundige ’n wetenskaplike vergelyking uitvoer tussen die dokument waarvan die outeurskap onbekend is en ’n dokument waarvan die outeurskap bekend is, om die outentisiteit van die dokument te bevestig (Webb, 2013).

’n Handskrif kan egter vermom word, en daarom is dit nie altyd raadsaam om op handskrifontleding vir doeleindes van outeursidentifikasie staat te maak nie (Discovery, 2011). Omdat sommige aspekte van taalgebruik onbewustelik is, soos

voorheen bespreek, behoort dit dus moeilik te wees om taalgebruik te vermom. Dus is effektiewe taalontleding 'n relevante alternatief vir handskrifontleding.

'n Ander geval waar handskrifontleding nie van toepassing is nie, is wanneer die outeurskap van elektroniese, en dus niehandgeskrewe, dokumente bepaal moet word. In 'n era waar elektroniese kommunikasie, soos e-pos en SMS, oorwegend gebruik word, verloor handskrifontleding sy relevansie en moet 'n alternatiewe wyse van outeurskapidentifikasie gevind word. Omdat die ontleding van taalgebruik in 'n dokument nie beperk word deur die vorm waarin 'n dokument voorkom nie, is sodanige taalontleding 'n meer toepaslike tegniek vir outeursidentifikasie as handskrifontleding.

2.8 Is forensiese linguistiek 'n deskundige veld/wetenskap?

2.8.1 Deskundigheid

Die HAT (2005a:153) definieer *deskundig* as “Met kennis van sake; besonder bekwaam deur studie, ondervinding” en *deskundige* as “Vakkundige; iemand met besondere kennis van 'n saak ...” (HAT, 2005b:153). 'n *Leek*, daarenteen, is 'n “persoon wat geen deskundige of vakman op 'n bepaalde gebied is nie ...” (HAT, 2005e:656). 'n *Wetenskap* word omskryf as 'n “... [s]tudieveld, kennisafdeling bestaande in sistematies gerangskikte feite wat op algemene beginsels berus ...” (HAT, 2005g:1359). Vir doeleindes van hierdie studie word bogenoemde terme in die lig van hierdie definisies gebruik. Sodanige terme word meer omvattend bespreek in hoofstuk drie wat handel oor deskundige getuienis.

Soos wat hieronder blyk word deskundigheid aan die volgende punte gemeet, wat op 'n relevante en voldoende vlak moet wees:

1. opleiding;
2. ervaring;
3. kwalifikasie;
4. metodiek; en

5. erkenning deur vakverenigings.

Vervolgens 'n verduideliking van die vlak rakende elk van bogenoemde punte waaraan 'n persoon moet voldoen om as forensiese linguïst erken te word.

2.8.2 Opleiding en ervaring

'n Forensiese linguïst moet meer as net 'n oppervlakkige kennis van linguïstiek hê. Dit is immers nodig om tekste te ontleed volgens die wyse waarop taal funksioneer, byvoorbeeld om:

- sinsboukenmerke van 'n skrywer uit te ken;
- dubbelsinnigheid in 'n persoon se taalgebruik aan te toon;
- woordboukenmerke in verskillende tekste te kontrasteer; en
- kenmerkende spelfoute waartoe 'n sekere outeur geneig is, te identifiseer (Kotzé, 2012a:1).

Kotzé (2012a:2) lig nog 'n belangrike aspek uit vir veral die Suid-Afrikaanse forensiese linguïst, naamlik dat kennis van verskillende tale en taalverstoring, of -oordrag, soms ook nodig is vanweë kulturele verskille.

Volgens Diplomaguide.com (2013) behoort 'n forensiese linguïst kennis te dra van sosiale wetenskappe, wiskunde en natuurwetenskappe. Voorgraadse studievervelde sluit in sielkunde, kriminologie en strafreg. Minstens 'n Baccalaureus-graad in linguïstiek word verlang. 'n Relevante doktorsgraad sal bydra tot die geloofwaardigheid van 'n forensiese linguïst, veral waar getuienislewering ter sprake kom.

Verskeie universiteite wêreldwyd bied opleidingsprogramme in die veld aan, onder andere:

- Hofstra University in die VSA;
- Cardiff University en Aston University in die VK;
- Universitat Pompeu Fabra in Barcelona; en
- Noordwes-Universiteit in Suid-Afrika.

2.8.3 Metodiek

Behalwe vir die nodige opleiding, kan forensiese linguistiek verder as 'n deskundige veld bestempel word, aangesien dit die aanwending van gespesialiseerde metodes verg, onder meer rekenaarprogrammatuur en statistiek (Universitat Pompeu Fabra Barcelona, 2013) en die kwantifisering en vergelyking van woordkeuse (Joula, 2013).

Die verslae deur Hubbard en Kotzé wat vroeër bespreek is, beskryf telkens in detail die proses wat in hulle taalkundige ontleding gebruik is, naamlik stilistiese, stilometriese en foutanalises. Die feit dat sulke noukeurige beskrywings van die linguistiese analises enigsins nodig is, is waarskynlik toe te skryf aan die feit dat dit besondere kennis en ondervinding verg om uit te voer en te verstaan.

'n Stilometriese analise meet en vergelyk byvoorbeeld eienskappe wat slegs op grond van versigtige berekening in die ontleding ingesluit kan word (Kotzé, 2007:388). Die programmatuur wat by so 'n stilometriese ondersoek aangewend word, is 'n statisties gebaseerde program soos Wordsmith wat deur Oxford University Press vir onder andere forensiese doeleindes ontwikkel is (Kotzé, 2013). Om die program te gebruik, moet die teksdata eers deur die linguïst in elektroniese data omskep word (Kotzé, 2013).

Volgens Kotzé (2013) is daar baie selde twee sake wat identies is. Dit beteken dat die aard en vereistes van elke probleem wat 'n forensies-linguistiese ontleding verg, in 'n mindere of meerdere mate sal verskil van dié waarmee die forensiese linguïst voorheen te doen gehad het.

Die aard van die data, die hoeveelheid teks, die styl van die teks, en die waarskynlikheid van 'n enkele of meervoudige outeurs is alles faktore wat die benadering van die ontleder sal bepaal (Kotzé, 2013). Dit is daarom duidelik dat die linguïst tot 'n groot mate sy/haar deskundige oordeel moet gebruik om die mees gepaste ontledingsmetodes aan te wend.

2.8.4 Vakverenigings

Die vestiging en erkenning van 'n wetenskaplike vakgebied word ook gewoonlik gekenmerk deur die ontstaan van vakvereniging(s) en/of 'n vaktydskrif wat as forum

dien om navorsers se werk openbaar te maak en ruimte te bied vir gesprekvoering en debat oor temas wat daaruit voortvloei. Twee internasionale verenigings, naamlik die International Association of Forensic Linguistics (IAFL, 2011) en die International Association for Forensic Phonetics and Acoustics (IAFPA, 2011), het in die vroeë 1990's tot stand gekom en in 1994 gelei tot die stigting van 'n vaktydskrif, *Forensic Linguistics*, wat in 2003 tot *The International Journal of Speech, Language and the Law* herdoop is (IAFL, 2011).

Volgens die organisasie se webtuiste bestaan die IAFL uit linguiste wat primêr in die regsomgewing werksaam is, dit wil sê optree as deskundige getuies in die hof, maar ook sommige lede van ander regsprofessies (IAFL, 2011). Die organisasie hou jaarlikse konferensies en het ten doel om 'n beter begrip van die verband tussen taal en die reg te kweek, en veral oor deskundige getuienis en die aanbieding van linguistiese getuienis (IAFL, 2011).

Bogenoemde bespreking stel duidelik dat forensiese linguistiek 'n hoë vlak van opleiding, ervaring en kwalifikasie vereis en dat dit gespesialiseerde metodiek verg wat nie deur 'n leek aangewend kan word nie. Verder word die veld ook deur 'n vakvereniging erken en daarom kan dit as 'n deskundige veld beskou word.

Volgens Kotzé (2007:385) is forensiese linguistiek in Suid-Afrika grotendeels verwaarloos, waarskynlik weens die “gepaardgaande sleurwerk verbonde aan die verwerking van die betrokke taaldata” – des te meer rede waarom hierdie taak deur 'n metodiese en sistematiese persoon, oftewel wetenskaplike, op die gebied aangepak moet word.

Ook Olsson (2008:24) glo dat forensiese linguistiek 'n wetenskap is, naamlik “a field of endeavour in which we seek to obtain reliable, even predictable, results by the application of a methodology” (Olsson, 2008:26) omdat die linguis waarnemings maak, dit beskryf, vergelykings tref, en tot 'n gevolgtrekking kom.

Gibbons (2003:282) beklemtoon dat, terwyl baie mense dalk persone kan identifiseer of elimineer op grond van taalgebruik, slegs 'n opgeleide linguis in die posisie is om 'n gedetailleerde beskrywing, asook 'n verduideliking, te gee van ooreenkomste en verskille tussen inligting wat vergelyk word. Hieruit blyk dit dat sodanige gedetailleerde verduidelikings op die algemene beginsels van die wetenskap van

linguistiek berus. 'n Duidelike aanduiding van deskundigheid, wat deur Robert Leonard in Harrel (2006) bevestig word, is dat min aspekte van 'n persoon se taalgebruik bewustelik gebeur, maar dat iemand wat opgelei is, taalgebruik onder die oppervlak kan analiseer.

2.9 Gevolgtrekking

'n Samevattende omskrywing van forensiese linguistiek is die analise, meting en studie van taal, in die konteks van geregtelike prosedures, misdaadondersoeke of regsgedinge.

Outeursidentifikasie is 'n metode om verswygde of onbekende betrokkenheid van individue by die skep van tekste aan die lig te bring. Die doel daarvan is dus om aansprake op outeurskap te toets, sowel as om anonieme outeurs op te spoor.

Verskeie bronne beskryf die idee van 'n "linguistiese vingerafdruk". Hierdie term verwys daarna dat, wanneer dokumente van dieselfde outeur, wat oor verskillende onderwerpe handel, met mekaar vergelyk word en geen beduidende verskille toon nie, daar rede is om te vermoed dat die ooreenkomste nie bloot aan die styl of onderwerp toe te skryf is nie. Met ander woorde, as daar by vergelyking van die dokumente geen beduidende verskille in taalgebruik gevind word nie, is dit 'n aanduiding van moontlike gemeenskaplike outeurskap van die dokumente. Ander bronne glo weer dat 'n onderskeid tussen individue meer effektief behoort te wees vir outeursidentifikasie as om die unieke styl van elke individu te bepaal.

Hoe dit ook al sy, linguistiek word in iedere van bogenoemde gevalle vir outeursidentifikasie aangewend. Stilometriese, stilistiese en foutanalises is linguistiese metodes wat al toegepas is vir doeleindes van outeursidentifikasie in hofsake, wat impliseer dat hierdie forensies-linguistiese metodes wel tot outeursidentifikasie kan bydra.

Alhoewel daar probleme kan ontstaan op die gebied van forensiese outeursidentifikasie, is dit nog 'n nuwe veld waaraan geskaaf en gevorm moet word en wat vooruitsigte van interessante geleenthede bied. Taalontleding kan byvoorbeeld dien as 'n alternatief vir handskrifontleding, aangesien handskrif, anders

as taalgebruik, vermom kan word en ook omdat mense in die hedendaagse samelewing meestal elektroniese dokumente eerder as handgeskrewe dokumente opstel.

Forensiese linguistiek is 'n deskundige veld, wat hoë vlakke van opleiding, ervaring en kwalifikasie verg, asook gedetailleerde en gespesialiseerde metodiek. Taalkundige ontledings kan nie uitgevoer word deur iemand wat nie 'n vakman op die gebied is nie. Daarom moet die reëls vir toelaatbaarheid van deskundige getuienis in 'n forensies-linguistiese konteks in 'n ernstige lig beskou word.

HOOFSTUK 3: DIE TOELAATBAARHIED VAN FORENSIES-LINGUISTIESE GETUIENIS

3.1 Inleiding

In hoofstuk 2 is die deskundige aard van forensiese linguistiek bespreek. Indien linguistiek dus in 'n forensiese konteks toegepas word om dit as getuienis in 'n gereghof aan te bied, moet sekere toelaatbaarheidsvereistes van sodanige getuienis in ag geneem word.

In hierdie hoofstuk word die toelaatbaarheidsvereistes vir getuienis, spesifiek opinie- en deskundige getuienis, ondersoek ingevolge die Suid-Afrikaanse reg ten einde te bepaal waaraan forensies-linguistiese getuienis moet voldoen om in Suid-Afrikaanse howe toelaatbaar te wees. Verder word daar ook verwys na die toelaatbaarheid van getuienis met betrekking tot handskrif, 'n reeds erkende vorm van outeursidentifikasie, met die doel om te bepaal of sodanige toelaatbaarheidsvereistes ook op forensies-linguistiese getuienis van toepassing sal wees. Laastens word daar verwys na toelaatbaarheidsvereistes van buitelandse jurisdiksies wat van toepassing is op forensies-linguistiese getuienis ten einde verdere riglyne vir toelaatbaarheid te identifiseer.

3.2 Relevantheid en toelaatbaarheid

Manning (2005:65) beskryf *getuienis* as alles waardeur 'n beweerde feit as waar of vals bewys kan word. Nie al die getuienis wat deur partye gelewer word, word noodwendig deur die hof as 'n feitebevinding in aanmerking geneem nie. Daar bestaan 'n aantal uitsluitingsreëls wat voorskryf dat sekere tipes getuienis ontoelaatbaar is, met ander woorde, dat dit nie aangebied mag word nie, en indien dit wel gelewer word, dat die inagneming daarvan deur die hof 'n onreëlmatigheid tot gevolg kan hê.

Toelaatbare getuienis word deur Schmidt en Rademeyer (2000:369) beskryf as getuienis wat deur die hof in ag geneem word ter beslegting van die geskil wat voor die hof dien. Artikel 210 van die Strafproseswet (1977) en artikel 2 van die Wet op

Bewysleer in *Siviele Sake* (1965), bepaal dat geen getuienis ontoelaatbaar is behalwe as dit irrelevant of van geen wesenlike belang is nie, en indien dit nie bydra om enige punt of feit in geskil te bewys of weerlê nie. Dus is die relevantheidsvereiste 'n toelaatbaarheidsreël en soos blyk uit die aanhaling uit *R v Trupedo* (1920), is getuienis relevant wanneer dit “op sigself, of in samehang met ander getuienis, redelikerwys kan bydra om die bestaan van die feite in geskil te bewys of weerlê”.

Relevante getuienis is toelaatbaar, tensy daar 'n ander reël is wat dit uitsluit, byvoorbeeld geprivilegeerde inligting (*R v Schaube-Kuffler*, 1969). Relevantheid is dus nie die enigste toets vir toelaatbaarheid nie. Volgens Schwikkard en Van der Merwe (2005:46) sou dit verkeerd wees om te aanvaar dat getuienis toelaatbaar is bloot omdat dit logies relevant is. Die volgende faktore beperk die toelaatbaarheid van alle getuienis wat logiese bewys of weerlegging kan verskaf:

1. *Die geskilpunte*

Aangesien die getuienis tot 'n afleiding met betrekking tot die geskilpunte moet lei, is die eerste logiese stap om vas te stel wat die geskilpunte van 'n saak is. Daar moet 'n direkte verband tussen die getuienis en die aard en omvang van die geskilpunte wees (Schwikkard & Van der Merwe, 2005:47), of die getuienis moet aantoon dat ander getuienis relevant is, soos in *R v Lambat* (1961). Die geloofwaardigheid van 'n getuie is deurgaans 'n geskilpunt en getuienis wat aantoon dat 'n getuie ongeloofwaardig is, sal dus altyd relevant wees (Schwikkard & Van der Merwe, 2005:47). Dit blyk dus dat, indien outeurskap 'n geskilpunt is, hetsy dit onbekend is of betwis word, forensies-linguistiese getuienis in die opsig relevant sal wees. Ook waar sodanige getuienis kan toon dat 'n dokument relevant is vir die saak, byvoorbeeld omdat dit deur die beskuldigde geskep is.

2. *Logiese afleidings*

Daar moet bepaal word of 'n logiese afleiding uit die getuienis gemaak kan word en, indien wel, of die bewyskrag daarvan hoog is (Schutte, 2009:38). Dit is egter nie maklik om die begrip van reëls van logika en gesonde verstand te bespreek nie, aangesien hierdie dinge met ondervinding kom, maar waar dit logies blyk dat 'n

sekere persoon, na aanleiding van linguistiese ontleding, vir 'n teks in geskil verantwoordelik was of nie, voldoen die getuienis in die verband aan hierdie reël.

3. *Regtens relevant*

Volgens Schutte (2009:41) kan die getuienis ontoelaatbaar wees ten spyte daarvan dat 'n logiese afleiding ten opsigte van die geskilpunte daaruit gemaak kan word. Dit sal die geval wees waar getuienis onregverdig is teenoor gedingspartye of tydvermorsing tot gevolg het. Die getuienis moet minstens regtens relevant wees, met ander woorde, 'n redelike afleiding moet uit die getuienis gemaak kan word; dus moet die benadelingspotensiaal daarvan laag wees teenoor hoë bewyskrag (Schmidt & Rademeyer, 2000:392). Die getuienis sal hoë benadelingspotensiaal hê as toelating daarvan byvoorbeeld 'n wanindruk kan skep en foutiewe feitebevinding tot gevolg het (Schutte, 2009:41). Om hierdie vereiste op forensies-linguistiese getuienis van toepassing te maak, sal beteken dat die linguistiese ontleding en of verduideliking daarvan aan die hof nie baie tyd in beslag neem nie, dat dit akkuraat is, en dat die akkuraatheid daarvan bewys kan word om foutiewe uitslae uit te skakel.

4. *Res inter alios acta (Sake gedoen tussen)*

Getuienis sal irrelevant wees as dit betrekking het op ander persone as dié waarom die geding gaan (*Lamb v Protea Assurance Co Ltd*, 1970). Die getuienis moet dus nie handel oor die invloed van 'n ooreenkoms tussen persone A en C op die geskil, waar die geskil tussen persone A en B is nie. So ook behoort forensies-linguistiese getuienis net betrekking te hê op die relevante partye tot die saak, om aan die betrokke stelreël (*res inter alios acta*) te voldoen, en nie aangehaal of gegrond te word op bevindinge uit vorige sake waarby die partye moontlik betrokke was nie.

5. *Die beste getuienisreël*

Getuienis is ontoelaatbaar indien daar beter getuienis beskikbaar is om die betrokke feit te bewys. So is sekondêre getuienis van 'n dokument, soos 'n afskrif, ontoelaatbaar indien die oorspronklike nog beskikbaar is (Schmidt & Rademeyer, 2000:393). Hierdie reël is veral belangrik in die konteks van forensies-linguistiese getuienis rakende outeurskap, omdat dit verband hou met dokumente. Die voorskrifte vir dokumentêre getuienis is daarop gerig om te verseker dat dokumente

eg is en dat die beste weergawe van die inhoud (gewoonlik die oorspronklike) aan die hof gelewer word.

3.3 Reële getuienis

Reële getuienis is “getuienis in die vorm van ’n voorwerp” (Schmidt & Rademeyer, 2000:326). Dokumente wat bloot as voorwerpe by die hof ingedien word en waarvan die inhoud nie in geskil is nie, is reële getuienis (Schmidt & Rademeyer, 2000:326). Sou die inhoud van die dokument wel in geskil wees moet die regsreëls rondom dokumentêre getuienis nagekom word.

Vir doeleindes van hierdie navorsingstuk val die klem egter op gevalle waar die outeurskap van dokumente, en nie die inhoud nie, in geskil is. Hierdie stukke waarvan die outeurskap in geskil is, sal dan dien as reële getuienis. Daarom word daar klem gelê op die belang van die toelaatbaarheidsvereistes vir reële getuienis.

3.4 Opinie- en deskundige getuienis

Opiniegetuienis word beskou as ’n getuie se persoonlike indrukke, afleidings of gevolgtrekkings uit die feite wat hy/sy waargeneem het (Schutte, 2009:123). Dit is die tradisionele beskouing dat opiniegetuienis ontoelaatbaar is in die hof. Die rede hiervoor, volgens Zeffert *et al.* (2003:289), is dat die getuie se funksie bloot is om sy waarnemings weer te gee en dat sy/haar opinie daaromtrent irrelevant is weens die geringe bewyskrag daarvan. Schmidt en Rademeyer (2000:456) voer ook aan dat ’n getuie wat ’n opinie lug die funksie van die hof aan hom/haarself toe-eien, aangesien dit die hof se taak is om getuienis te evalueer, gevolgtrekkings daaruit te maak en die reg daarop toe te pas.

As uitsondering word ’n deskundige se opinie omtrent ’n saak wat in sy vakgebied val, of ’n leek se opinie omtrent ’n feit wat moeilik anders as deur middel van opinie beskryf kan word, wel toegelaat.

Vanweë ’n gebrek aan kennis op ’n spesifieke vakgebied, is die hof dikwels nie in staat om betroubare afleidings uit die getuienis te maak nie (Schutte, 2009:127).

Deskundiges se kennis en ervaring van hulle vakgebied stel hulle in staat om 'n beter oordeel as die hof te vel oor sekere aangeleenthede, aangesien hulle inligting kan meedeel waaroor die hof nie beskik nie. Daarom is opiniegetuienis van 'n deskundige in sommige gevalle noodsaaklik en relevant (Schmidt & Rademeyer, 2000:463).

Waar die hof egter self sonder veel inspanning sekere feite kan bepaal of geregteelik daarvan kennis neem, is deskundige getuienis onnodig (*S v Kok*, 1998). Getuienis van die Suid-Afrikaanse reg is ontoelaatbaar omdat die hof self 'n deskundige op die gebied is (Schmidt & Rademeyer, 2000:464).

Die volgende toelaatbaarheidsvereistes geld egter vir opiniegetuienis (Schmidt & Rademeyer, 2000:459-462) en uiteraard ook vir deskundige getuienis (Schmidt & Rademeyer, 2000:465-469):

1. *Bevoegdheid*

Die getuie moet bevoeg wees om 'n opinie te lewer. Indien die getuie nie gekwalifiseerd is om 'n afleiding uit die feite te maak nie, het dit nie bewyskrag nie, en is dit dus irrelevant (Schmidt & Rademeyer, 2000:459).

'n Deskundige getuie se kwalifikasies word nagegaan, veral waar sy/haar opinie betwis word. Volgens Matson (1999:20) moet 'n deskundige sy/haar kwalifikasie in die hof kan verdedig. Volgens Pagano en Buckhoff (2005:2) is praktiese kennis en ervaring ook 'n integrale eienskap waaroor deskundiges behoort te beskik.

Dit is die funksie van die hof om te oordeel of die deskundige oor die nodige bevoegdheid, kwalifikasies en ervaring beskik om 'n deskundige opinie oor die feit in geskil te lewer, soos beslis in *Mohamed v Shaik* (1987).

Matson (1999:20) dui aan dat die deskundige se geloofwaardigheid aan die hof voorgelê kan word by wyse van 'n gedetailleerde resumé of Curriculum Vitae wat sy/haar kwalifikasie, kennis en ervaring uiteensit. Hy stel voor dat die volgende by sodanige samevatting ingesluit word (Matson, 1999:20):

- Akademiese kwalifikasie, byvoorbeeld gespesialiseerde grade;
- Ervaring, naamlik aantal jare en betrokkenheid by noemenswaardige projekte;

- Verenigings, byvoorbeeld relevante komitees waarop die persoon dien;
- Publikasies wat aan die persoon toegeskryf kan word.

2. *Gronde vir die opinie*

Om te voorkom dat die hof deur die opinie van 'n getuie mislei word, is dit 'n vereiste dat gronde vir die opinie gemeld moet word (Schmidt & Rademeyer, 2000:459).

In die geval van deskundige opiniegetuienis moet die hof ingelig word oor die gegewens en redenasieproses waarop die opinie gebaseer is. Soos bepaal in *Coopers (South Africa) (Pty) Ltd. v Deutsche Gesellschaft Für Schädlingbekämpfung Mbh* (1976) verteenwoordig 'n deskundige se opinie sy/haar logiese afleiding op grond van sekere feite of data. "A mere statement that an expert used an unnamed unexplained process and so established a fact falls short of what is required for a fair trial", volgens regter Van Dijkhorst in *S v Van der Sandt* (1997). Verder kan 'n deskundige nie sy/haar opinie grond op dokumente wat nie bewysstukke voor die hof is nie (*S v Seedat*, 1971).

Waar die staat deskundige getuienis ingevolge artikel 212(4) van die Strafproseswet (1977) wil voorlê, moet die proses wat deur die deskundige gevolg is, asook die rede vir die betroubaarheid van hierdie proses, uiteengesit word (*S v Van der Sandt*, 1997). In *S v Van As* (1991) beklemtoon regter Kirk-Cohen dat, waar deskundiges self eksperimente uitvoer en die resultate daarvan aan die hof voorlê, dit vir die hof makliker is om die getuienis te begryp, te aanvaar en die nodige beslissing daarop te lewer; met ander woorde, waar die deskundige nie net 'n opinie lewer nie, maar dit ook demonstreer deur die feitlike en daadwerklike getuienis waarop dit gegrond is, voor die hof lê.

Dit is dus nie genoegsaam om bloot te verklaar dat die ondersoek gedoen is deur middel van 'n proses wat deskundigheid in 'n sekere veld verg nie, want die beskuldigde en die hof sal nie in 'n posisie wees om die deskundige opinie behoorlik te evalueer nie, en die opinie sal ontoelaatbaar wees (*S v Mkhize*, 1998).

3. *Die hof moet hom nie aan die getuie se opinie onderwerp nie*

Omdat dit die hof se prerogatief is om 'n gevolgtrekking uit die feite te maak en 'n getuie nie hierdie funksie mag usurpeer nie, is 'n opinie ontoelaatbaar indien dit

handel oor een van die uiteindelijke geskilpunte waaroor die hof moet beslis (Schmidt & Rademeyer, 2000:460).

In *R v Louw* (1930) is die beskuldigde skuldig bevind op die aanklag dat hy sy motor op so 'n wyse parkeer het dat dit 'n obstruksie veroorsaak het, op grond van getuienis van 'n polisieman dat die motor wel 'n obstruksie veroorsaak het. In die Appèlhof word egter bevind dat die hof oor die saak moet beslis, dat die getuie moet meld wat hy waargeneem het, en dat die hof dan self moet beslis of dit wel dui op 'n obstruksie.

Die afleiding kan gemaak word dat opiniegetuienis ontoelaatbaar sal wees as dit betrekking het op die toepassing van 'n regsreël op die feite, aangesien slegs die hof daartoe bevoeg is om regstandaarde toe te pas. Al sou dit soms met behulp van getuienis wees, moet die hof self oor die kernvraag beslis.

'n Uitsondering op die reël dat die hof hom nie aan die opinie van 'n getuie mag onderwerp nie, is getuienis van 'n deskundige, waar die hof hom op die getuie se oordeel moet verlaat weens die feit dat die deskundige die besondere kennis en vermoë besit om 'n geskilpunt beter as die hof te beslis, hoewel die hof steeds sal probeer vasstel of die deskundige se oordeel korrek is. Die deskundige kan sy opinie gee, maar die hof self moet beslis of hy hom op die oordeel sal berus. Die rol van die deskundige is om die hof by te staan om 'n afleiding te maak oor aangeleenthede waaroor die hof nie voldoende kennis het om self 'n afleiding te maak nie (*Menday v Protea Assurance Co Ltd*, 1976). Aangesien die hof beperkte kennis dra omtrent die deskundige veld, sal die hof huiwer om sy beslissing op slegs die deskundige opinie te baseer. Daar bestaan egter nie 'n reël dat geen hof sy beslissing bloot op deskundige getuienis mag grond nie, beslis appèlregter Greenberg in *Annama v Chetty* (1946).

In *Reckitt & Colman (Pty) Ltd v S C Johnson & Son SA (Pty) Ltd* (1993) bevind regter Harms:

“The evidence of the psychologists and linguistic experts tendered in this regard was singularly unhelpful, if not inadmissible because, as is so often the case, in the final analysis it tended to disguise opinion as a statement of

scientific principle or fact and attempted subtly to displace the Court's value judgement with that of the witness."

Met ander woorde, feite waaroor die hof self kan besluit, behoort nie as deel van 'n deskundige veld beskou te word nie.

Die geskilpunt in bogenoemde geval was of die gebruik van 'n sekere handelsmerk misleidend kon wees omdat dit te soortgelyk aan 'n sekere ander handelsmerk was. Professor Lass, 'n professor in linguistiek, het getuig dat die moontlikheid van verwarring tussen die handelsmerke gering is, tensy die koper totaal en al ongeletterd en onoplettend is. Regter Harms het die volgende bevind:

"... in considering whether there was an imitation of the distinctive get-up of the manufacturer's product, that the likelihood of confusion or deception is a matter for the Court and that judgement of the Court must not be surrendered to any witness (*Reckitt & Colman (Pty) Ltd v SC Johnson & Son SA (Pty) Ltd*, 1993)."

Dus is die getuienis nie in ag geneem nie bloot omdat dit onnodig geag is. Die hof kon self 'n oordeel oor die feite vel, en daar kan nie afgelei word dat linguistiese getuienis oor die algemeen ontoelaatbaar is in Suid-Afrika nie.

As die getuienis egter so tegnies is dat die hof nie 'n betroubare afleiding kan maak nie, sal hy hom ten volle by die deskundige se mening moet berus, selfs al is dit oor die vraag waaroor die hof moet beslis (*S v Mkhize*, 1998). Die hof kan nie sy uitspraak op sy eie waarnemings en gevolgtrekkings grond waar hy op deskundige terrein beweeg nie (*Stewarts & Lloyds of SA Ltd v Croydon Engineering & Mining Supplies (Pty) Ltd*, 1979). Dit is dus uiters belangrik dat deskundiges 'n hoë mate van noukeurigheid en sorgsaamheid tydens hulle ondersoeke handhaaf.

Volgens Schmidt en Rademeyer (2000:468) moet die waarde van die getuienis bepaal word om misleiding te verhoed. Die geloofwaardigheid van die getuie, met ander woorde of hy/sy werklik 'n deskundige is, moet in hierdie verband bepaal word. Die getuienis moet vergelyk word met dié van ander deskundiges, en waar die getuienis verskil, moet die mees geloofwaardige getuienis op grond van ervaring en reputasie van die getuie gevolg word, soos in *S v Van As* (1991).

Die toelaatbaarheid van deskundige getuienis is onderhewig aan die volgende verdere reëls:

4. *Formele vereistes*

Hooggeregshofreël 36(9) en Landdroshofreël 24(9) bepaal dat die party wat 'n deskundige getuie roep in siviele sake, minstens 15 dae voor die verhoor daarvan kennis moet gee en minstens 10 dae voor verhoor ook 'n opsomming van die deskundige opinie en die gronde daarvoor verskaf. Sodoende word verhoed dat die teenparty onverhoeds betrap word. Artikel 212 van die Strafproseswet (1977) bepaal dat deskundige getuienis by wyse van 'n beëdigde verklaring of sertifikaat aangebied kan word. Verder is daar nie formele vereistes ten opsigte van deskundige getuienis in strafsake nie, maar sedert die beslissing in *Shabalala v Attorney General, Transvaal* (1995) is die verdediging geregtig om afskrifte van staatsgetuies se getuieverklarings te bekom (Schmidt & Rademeyer, 2000:469). Daarom sal die verdediging vóór die verhoor bewus wees van die staat se voorneme om deskundige getuies te roep.

5. *Handboeke en geheueverfrissing*

Deskundiges moet persoonlike kennis en ervaring dra van die onderwerp waarvoor hulle getuig – hulle moet nie net 'n handboek se opinies aan die hof voorlê nie, want dan is dit hoorsê, en irrelevant (Schmidt & Rademeyer, 2000:470). Handboeke mag wel gebruik word vir geheueverfrissing en om opinies mee aan te vul, mits die betroubaarheid van die handboek aangetoon word. 'n Verslag wat die deskundige tydens die ondersoek saamgestel het, kan ook as geheueverfrissing gebruik word, maar voorlesing of blote indiening van die verslag is ontoelaatbaar.

6. *Feite/omstandighede van die saak*

Wanneer 'n besluit oor die relevansie van deskundige getuienis geneem moet word, behoort al die feite van die betrokke saak in ag geneem te word (*S v Zuma*, 2006). Die feite van die saak moet vasgestel word voordat die deskundige getuienis relevant geag kan word. Dit berus op die beginsel van omstandighedsgetuienis en sal behels dat die getuienis slegs relevant/toelaatbaar is indien dit met die feite van die saak verband hou (*R v Blom*, 1939).

Omstandighedsgetuienis kan beskryf word as 'n netwerk van feite en omstandighede, buiten direkte getuienis, wat die hof kan help om die gebeure rondom die saak te verstaan, met ander woorde, bewysstukke, feite en omliggende omstandighede wat saamvloei om skuld te bewys, selfs in die afwesigheid van direkte getuienis (*Maisha v S*, 2013). Daar bestaan 'n tweedeeltoets vir die toelaatbaarheid van omstandighedsgetuienis, naamlik:

1. Die getuienis moet saamvloei. Die bewyse moet dus nie stuk vir stuk oorweeg word nie, maar as 'n geheel (*Maisha v S*, 2013); en
2. Die effek van die getuienis moet die enigste afleiding wees in die lig van al die feite (in die geval van 'n strafsak) of die mees waarskynlike van afleidings tot gevolg hê (by siviele verrigtinge) - (*Legal City*, 2010).

3.5 Toelaatbaarheidsvereistes vir forensies-linguistiese getuienis

Soos bevind is in hoofstuk 2 is linguistiek 'n deskundige veld. Sodanige bevinding word verder gestaaf deur die feit dat linguistiek selde deel uitmaak van regters se opleiding (Gibbons, 2003:282). Daarom het die hof nie voldoende kennis oor die onderwerp nie en kan die hof nie self daarvoor beslis nie. Forensies-linguistiese getuienis sal eerder deur 'n deskundige in die veld voorgelê word en sal aan die toelaatbaarheidsvereistes vir deskundige getuienis moet voldoen, naamlik:

1. Bevoegdheid

Daar moet bewys kan word dat die linguis voldoende kennis het om inligting aan te bied wat nie as algemene kennis beskou word nie (Gibbons, 2003:282). Daarom moet die forensies-linguistiese getuie gekwalifiseerd en verkieslik ervare wees in die veld.

Die IAFL se toelatingsvereiste vir diegene wat as deskundige getuies in die veld wil optree, is 'n nagraadse kwalifikasie in linguistiek (Gibbons, 2003:283).

In die hofsake betreffende linguistiek wat reeds bespreek is, is die taalkundiges wat genader is, hoogs gekwalifiseerd en ervare. Hubbard, wat in die *Victor Bran*-saak getuig het, is 'n professor in linguistiek, en Kotzé, getuie in die *Father Punch*-saak, is

'n emeritus professor in toegepaste linguistiek aan die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit (NMMU, 2013). Talle gepubliseerde artikels oor linguistiek kan aan Kotzé en Hubbard toegeskryf word.

Nog 'n voorbeeld van 'n ervare forensiese linguïst is John Olsson, wat volgens sy Curriculum Vitae beskik oor meestersgrade in linguistiek en filosofie in Engels (<http://www.davincilegacy.com>, 2013). Hy is verder 'n lid van die IAFL en is die outeur van boeke en artikels oor forensiese linguistiek. Hy het al verslag gelewer aan die Amerikaanse Federal Bureau of Investigations (FBI) en soortgelyke organisasies wêreldwyd.

Professor Malcolm Coulthard is die stigtingspresident van die IAFL en tree reeds 20 jaar lank al op as deskundige getuie (<http://www1.aston.ac.uk>).

Al bogenoemde deskundiges is hoogs aangeskrewe getuies op grond van hulle akkreditasie, kwalifikasies en ervaring in linguistiek, en verskaf 'n aanduiding van die bevoegdheidsvereistes waaraan deskundige getuies op die gebied moet voldoen.

2. Gronde vir opinie

'n Duidelike uiteensetting van die redenasie waarop die forensies-linguïstiese getuienis berus, asook die proses wat aangewend is, is wenslik en dokumente waarop die deskundiges hulle opinie baseer, behoort as bewysstukke voor die hof te dien.

3. Onderwerping aan die getuie se opinie

Waar die hof nie self oor 'n linguïstiese aangeleentheid kan besluit nie, kan hy hom aan die getuienis van 'n deskundige op die gebied onderwerp.

4. Formele vereistes

Formele vereistes ingevolge Hooggeregshof- en Landdroshofreëls en die Strafproseswet (1977) moet nagekom word waar van toepassing.

5. Handboeke en geheueverfrissing

As deskundige getuie is die blote voorlesing van verslae of uit handboeke ontoelaatbaar. Dus moet die forensies-linguïstiese getuie dit vermy om voor te lees.

Ander kwessies rakende die toelaatbaarheid van deskundige getuienis waarop daar gelet moet word, behalwe vir deskundigheid, is geldigheid en betroubaarheid, met ander woorde, die getuienis moet relevant en gerig op die feit in geskil wees, asook gebaseer op wetenskaplike metodes waarop daar vertrou kan word.

Om die wetenskaplike aard van forensiese linguïstiek te illustreer, kan die volgende voorbeeld volgens Kotzé (2012a) gebruik word: Tydens die dissiplinêre verhoor van 'n regstudent wat van plagiaat aangekla is, is Kotzé deur die verdediging vir bystand genader. Die rol van die linguis was dus om vir die verdediging, en nie die vervolging nie, te getuig. Kotzé se ondersoek van die twee betrokke studente se tekste het opgelewer dat die aangeklaagde inderdaad aan plagiaat skuldig is – wat ook die uiteindelijke bevinding van die saak was. Dit is duidelik dat linguïstiese analise 'n hoë vlak van deursigtigheid en objektiwiteit verg en daarom nie gewysig kan word om 'n skuldige party vry te spreek nie (Kotzé, 2012a).

6. Feite/omstandighede van die saak

Soos reeds aangedui in hoofstuk 2 speel forensies-linguïstiese getuienis 'n ondersteunende, eerder as beslissende rol. So byvoorbeeld in die *Victor Bran- en Father Punch-sake* het die getuienis tot die skuldigbevinding bygedra omdat dit ander feite ondersteun het, alhoewel die skuldigbevinding nie slegs op die getuienis gebaseer was nie.

Dit is daarom duidelik dat die beginsel van omstandighedsgetuienis geldig is en dat forensies-linguïstiese getuienis toelaatbaar sal wees in samehang met ander feite wat dieselfde afleidings tot gevolg het.

Getuienis oor poligraaftoetse 'n Ander voorbeeld van getuienis wat ook nie as 'n aanduiding van skuld of onskuld van 'n persoon dien nie, maar eerder as verswarende getuienis kan dien, is die rondom poligraaftoetse. Die gebruik van hierdie soort getuienis in Suid-Afrikaanse howe is egter ontoelaatbaar, en dit blyk te wees as gevolg daarvan dat die volgende faktore betroubaarheid en geldigheid van die poligraaftoets kan beïnvloed:

- Die stel vrae wat gebruik word. Dit is onvermydelik dat die stel vrae van geval tot geval sal verkil om relevant te kan wees en daarom is dit nie 'n gestandaardiseerde toets nie (Christianson, 2000:26);

- Die fisiese en geestelike toestand van die persoon wat die poligraaftoets aflê (Christianson, 2000:24). Die toets meet fisiologiese veranderinge wanneer stresvlakke verhoog as 'n leuen vertel word. Dit is egter moontlik dat stresvlakke verhoog as gevolg van ander redes, byvoorbeeld spanning omdat 'n poligraaftoets intimiderend is.

Die skending van 'n persoon se grondwetlike regte is ook ter sprake in die geval van 'n gedwonge poligraaftoets, naamlik die reg op privaatheid en die reg op beskerming teen selfinkriminasie (Grondwet, 1996); Die metodes van forensiese linguïstiek is nie onderhewig aan die bogenoemde veranderlikes of moontlike skending van menseregte nie en behoort daarom meer konsekwent as getuïenis oor poligraaftoetse in Suid-Afrikaanse howe toegelaat te word.

3.6 Getuïenis oor handskrif

Soos reeds genoem, is handskrifontleding, net soos forensiese linguïstiek, 'n metode wat vir outeursidentifikasie aangewend kan word. Die toelaatbaarheid van getuïenis oor handskrif word in hierdie studie bespreek om te bepaal of die toelaatbaarheidsreëls op forensies-linguïstiese getuïenis van toepassing is.

Vervolgens 'n bespreking oor die aard en toelaatbaarheid van getuïenis oor handskrif:

Artikel 228 van die Strafproseswet (1977) en artikel 4 van die Wet op Bewysleer in Siviele Sake (1965) bepaal dat, waar die handskrif of handtekening van die skrywer of ondertekenaar van 'n stuk in geskil is, die identifikasie kan geskied deur 'n getuie wat die handskrif kan uitken.

Die artikel lees as volg:

“Vergelyking by strafregtelike verrigtinge van 'n betwiste geskrif wat as eg bewys is, kan deur 'n getuie gedoen word, en sodanige geskrifte en die getuïenis van 'n getuie met betrekking daartoe, kan as bewys van egtheid of andersins van die betwiste skrif voorgelê word.”

Ingevolge die artikel kan die identifikasie dus geskied deur middel van enige getuie wat die betrokke handskrif kan uitken. Die artikel dring nie aan op getuienis deur 'n deskundige of gronde vir die opinie nie. Daarom is die artikel nie relevant vir forensies-linguistiese getuienis nie, want forensiese linguistiek is 'n deskundige veld en slegs deskundiges op die gebied kan daarvoor getuig. Dit is dus ook nie nodig om spesifieke wette rondom forensies-linguistiese getuienis daar te stel nie, omdat dit reeds gereguleer word deur die regsreëls vir deskundige getuienis. Aangesien daar nie staving vereis word vir nie, geld daar wel 'n versigtigheidsreël vir handskrif-getuienis (Schmidt & Rademeyer, 2000: 330; *S v Smit*, 1978). Regter Hoexter verklaar in *R v Fourie* (1947) dat dit gevaarlik is om slegs op die getuienis van 'n handskrifdeskundige te steun, en regter-president Graham verklaar in *R v Stevenson* (1934) dat hy van geen geval weet waar 'n persoon op die getuienis van 'n handskrifdeskundige skuldig bevind is sonder dat daar getuienis *aliunde* was wat hom met die misdaad verbind het nie.

Omdat forensiese linguistiek 'n wetenskap is, sal die hof staving vir forensies-linguistiese bevindinge vereis. Dus behoort die versigtigheidsreël nie noodwendig vir hierdie tipe getuienis te geld nie. Dit kan wel wees dat daar nie alleenlik op forensies-linguistiese getuienis gesteun sal word vir 'n uitspraak nie, maar dat dit eerder 'n ondersteunende rol sal speel waar ander getuienis met die bevindinge saamvloei ten einde tot 'n beslissing te kom, soos per die besprekings van voorbeeldgevalle en omstandighedsgetuienis hierbo.

3.7 Regmatige verkryging en besitskontinuiteit

Manning (2005:66) skryf dat dokumentêre getuienis voldoende is, mits dit op 'n manier en van 'n bron bekom is wat aan die regsreëls voldoen.

Ingevolge artikel 20 van die Strafproseswet (1977) kan slegs die polisie beslagleggings uitvoer, en artikel 21 beskryf dat beslagleggings uitgevoer moet word ingevolge 'n lasbrief wat uitgereik is aan die polisiebeampte wat die beslaglegging uitvoer. Geen inbreuk mag dus gemaak word op 'n persoon se reg tot privaatheid ingevolge artikel 14 van die Grondwet nie.

Die integriteit van getuienis wat deur die loop van 'n ondersoek ingesamel is, moet behou word (Comer, 1977:294). Die kontinuïteit van getuienis is noodsaaklik vir die toelaatbaarheid daarvan in die hof (Marais & Van Rooyen, 1990:63). Dit is belangrik om te kan bewys dat getuienis waarlik is wat dit voorgee om te wees (Chisholm, 2010).

Die bewysstukke moet op só 'n manier gestoor word dat dit nie beskadig of vernietig kan word nie en daar moet rekord gehou word van die volgorde van besit (Sennewald & Tsukayama, 2001:140-141). Sodanige rekord is belangrik in die sin dat elke party wat in besit van die bewysstukke was, daarvoor kan verantwoord en seker is dat dit op geen stadium in besit was van enige persoon wat onderhewig aan ondervraging in die hof is nie (Chisholm, 2010).

Bogenoemde bespreking dui duidelik op die erns daarvan dat forensies-linguïstiese getuienis op die regte manier ingesamel en bewaar word vir die toelaatbaarheid daarvan in die hof.

3.8 Vereistes vir die toelating van deskundige getuienis in buitelandse jurisdiksies

Die bespreking hierbo handel oor toelaatbaarheidsvereistes van die Suid-Afrikaanse bewysreg, wat op forensies-linguïstiese getuienis van toepassing gemaak kan word. Vervolgens verskuif die soeklig na toelaatbaarheidsvereistes in buitelandse jurisdiksies wat op forensies-linguïstiese getuienis betrekking het. Daar word beoog om die vereistes vir die toelaatbaarheid van deskundige getuienis in sodanige jurisdiksies vas te stel en 'n vergelyking te tref met Suid-Afrikaanse bewysreg ten einde riglyne vir die toelaatbaarheid van forensies-linguïstiese getuienis te identifiseer.

Verskeie navorsers voer aan dat die huidige gemenereg-aanslag met betrekking tot deskundige getuienis in Engeland en Wallis onvoldoende is (Law Commission, 2013; Ormerod, 2002:774). Volgens Broeders (2005:148) is dit onwaarskynlik dat sogenaamde deskundige getuienis voldoende getoets sal word vir betroubaarheid in hierdie lande. Daarom sal dit nie voordelig wees om die toelaatbaarheid van

deskundige getuienis in Engeland en Wallis toe te pas vir die toelating van forensiese linguistiek nie.

Volgens Law Commission (2013) behoort daar eerder op die Daubert-beginsel gesteun te word in hierdie verband omdat dit die mees toepaslike toets is met betrekking tot deskundige getuienis. Ook Meintjies-Van der Walt (2003:8) is van mening dat Suid-Afrikaanse regters die Daubert-standaard moet gebruik om die toelaatbaarheid van deskundige getuienis te bepaal. Die Daubert-standaard is in 1993 in VSA howe geïmplementeer as 'n resultaat van die saak Daubert v Merrell Dow Pharmaceuticals (1993). Op grond van hierdie standaard word die volgende in ag geneem om die geloofwaardigheid van 'n deskundige getuie te bepaal (Pagano & Buckhoff, 2005:51):

- Kan die teorie of tegniek waarop die getuienis gegrond is, getoets word, of is dit reeds getoets?
- Is die teorie/tegniek gepubliseer of word dit deur ander persone gebruik?
- Wat is die moontlikheid dat die teorie/tegniek verkeerd is?
- Word die teorie/tegniek algemeen aanvaar?

Die Federale Reëls van die VSA is ook van toepassing op deskundige getuienis en kan daarom met bogenoemde standarde gekombineer word (Pagano & Buckhoff, 2005:26). Volgens hierdie reëls kan 'n getuie wat gekwalifiseer is opiniegetuienis as 'n deskundige lewer op grond van kennis, ervaring, vaardigheid, opvoeding of opleiding mits:

- die getuienis op voldoende feite of data gegrond is;
- die getuienis op betroubare beginsels en metodes gegrond is; en
- die getuie die tegniek konsekwent op die feite van die saak toegepas het.

Bogenoemde benadering word ook deur die Suid-Afrikaanse bewysreg gevolg. Soos voorheen aangedui, is opiniegetuienis relevant wanneer die getuie die hof kan bystaan en/of in 'n beter posisie as die hof is om 'n opinie oor die aangeleentheid te vorm.

Schmidt en Rademeyer (2000:465) meen dat die bevoegdheid van die getuie en gronde vir die opinie in ag geneem moet word en dat die hof hom nie aan die deskundige opinie moet onderwerp nie.

Onder Nederlandse reg geld die Shoemaker-beginsel sedert 1998 (Broeders, 2005:155). Op grond van hierdie beginsel word die volgende met betrekking tot die deskundigheid van getuies in ag geneem (Broeders, 2005:155):

- Professie, opvoeding en ervaring van die deskundige?
- Het die deskundigheid betrekking op die opinie wat die deskundige uitspreek?
- Watter metodes het die deskundige gebruik?
- Hoe betroubaar is die metodes wat aangewend is?
- Kon die deskundige die metodes effektief aanwend?

Volgens Broeders (2005:148) kan bogenoemde kriteria ook oorweeg word om deskundige getuienis te kontroleer. Hierdie beginsel is vergelykbaar met die Suid-Afrikaanse regsreëls soos vroeër bespreek, naamlik:

- Bevoegdheid en kwalifikasie van die getuie; en
- Gronde vir die opinie – wat 'n verduideliking van die metodiek, asook die aanwending daarvan insluit.

Die Shoemaker en veral die Daubert-beginsels kan dus in gedagte gehou word vir die voorbereiding van forensies-linguistiese getuienis.

3.9 Gevolgtrekking

In sake waar dit van belang is om te bepaal wie die outeur(s) van sekere dokumente is, sal dit nodig wees vir 'n deskundige op die gebied om 'n "opinie" te lewer oor die outeurskap van die dokumente wat hy/sy ondersoek het.

Aan die hand van die wetgewing en regspraak soos in hierdie hoofstuk bespreek is, is die volgende toelaatbaarheidsvereistes vir forensies-linguistiese getuienis geïdentifiseer:

1. Die getuienis moet relevant wees, met ander woorde, 'n afleiding met betrekking tot die geskilpunte moet uit die getuienis gemaak kan word. Vir getuienis om relevant en toelaatbaar te wees, moet daar 'n direkte verband bestaan tussen die getuienis en die geskilpunte, of die getuienis moet aantoon dat ander getuienis relevant is. Verder moet die bewyskrag van die getuienis hoog wees, wat impliseer dat 'n logiese afleiding daaruit gemaak kan word. Selfs al is dit egter die geval, moet die benadelingspotensiaal van die getuienis laag wees. Dit moet byvoorbeeld nie onnodig tydrowend wees of 'n wanindruk kan skep nie. Getuienis sal ook nie relevant wees as dit betrekking het op ander persone as dié waarom die geding gaan nie.
2. Die tekste wat ondersoek is, moet nie op 'n wyse bekom word wat enige reg in die Handves van Menseregte skend nie (Grondwet, 1996).
3. Besitskontinuiteit moet gehandhaaf word met betrekking tot dokumentêre getuienis en dit moet met groot sorg hanteer en gestoor word sodat die oorspronklikheid daarvan nie betwyfel word nie.
4. Omdat getuienis deur 'n forensiese linguïste eie afleidings betreffende sy/haar waarnemings behels en omdat forensiese linguïstiek 'n deskundige veld is, moet hierdie getuienis ook voldoen aan die toelaatbaarheidsvereistes waaraan opiniegetuienis en deskundige getuienis onderhewig is, naamlik:
 - Bevoegdheid – die getuie moet gekwalifiseer wees om 'n afleiding uit die feite te maak.
 - Gronde vir die opinie – die redenasieproses waarop die getuie sy/haar afleidings grond, moet aan die hof voorgelê word.
 - Die hof moet hom nie aan die getuie se opinie onderwerp nie – opiniegetuienis is ontoelaatbaar as dit handel oor een van die uiteindelijke geskilpunte waaroor die hof moet beslis. Indien dit wel die geval is, sal die opinie slegs toelaatbaar wees, mits die hof hom nie totaal en al onderwerp aan die getuie se opinie ten einde 'n oordeel te vel nie.

5. Verder moet die formele vereistes kragtens die Strafproseswet en hofreëls nagekom word en mag daar nie bloot uit iemand anders se werk voorgelees word nie – dit word as hoorsê beskou.
6. Wanneer die outeurskap van 'n dokument in geskil is, word die voorwerp waarop die relevante teks voorkom in die vorm van reële getuienis voor die hof gelê. Indien 'n afleiding oor outeurskap uit die forensies-linguistiese getuienis gemaak kan word, en die hof nie self tot 'n bepaling kan kom sonder sodanige deskundige bystand nie, is die voorwerp(e)/dokument(e) waarop die betrokke teks voorkom reële getuienis en moet dan aan die toelaatbaarheidsreëls vir reële getuienis voldoen. Hierdie getuienis is weereens onderhewig aan die toelaatbaarheidsvereistes vir opinie- en deskundige getuienis en die geldigheids- en betroubaarheidskwessies rakende die getuienis.
7. 'n Verdere vereiste is dat die linguistiese getuie die eed/verklaring wat die hof vir alle getuies vereis, voor getuienislewering moet aflê.
8. Dit sal ook voordelig wees om die Shoemaker-beginsel van Nederland in ag te neem wanneer forensies-linguistiese getuienis voorberei en gelewer word.
9. Omdat forensiese linguistiek 'n soortgelyke doel dien as handskrifontleding, naamlik outeursidentifikasie, kan die toelaatbaarheidsreëls vir getuienis oor handskrif in ag geneem word by forensies-linguistiese getuienis. Daar bestaan 'n versigtigheidsreël rondom getuienis oor handskrifontleding deurdat dit as riskant beskou word om slegs op sodanige getuienis te steun in die afwesigheid van verdere bewyse; daarom is dit onwaarskynlik dat 'n skuldigbevinding of vryspreking op die getuienis gegrond sal word sonder verdere ondersteunende bewyse. Alhoewel forensies-linguistiese getuienis wel gestaaf moet word, anders as handskrif-getuienis, blyk dit tog ook onwaarskynlik dat 'n uitspraak slegs op die spesifieke getuienis gegrond sal wees as mens kyk na voorbeeldgevalle waar forensies-linguistiese getuienis 'n rol gespeel het. Daar word selde alleenlik op die forensies-linguistiese getuienis gesteun en dit vloei eerder saam met verdere ondersteunende bewyse wat uiteindelik tot 'n beslissing lei. Die getuienis kon wel 'n waardevolle bydrae lewer tot die beslissings en in die afwesigheid daarvan sou die bewyse dalk nie so oorwegend gewees het nie.

Daar is 'n aantal hofsake waarin linguistiese getuienis gewig gedra het. In die geval waar linguistiese getuienis egter ontoelaatbaar was, naamlik in *Reckitt & Colman (Pty) Ltd v S C Johnson & Son SA (Pty) Ltd* (1993), het die getuienis nie aan die toelaatbaarheidsvereistes voldoen nie. 'n Toelaatbaarheidsreël is oorskry, naamlik dat daar gepoog is dat die hof hom aan die opinies onderwerp. Feite waaroor die hof self kon beslis, is vermom as 'n gespesialiseerde gebied waaroor deskundige getuienis die oordeel moes vel. Dit is duidelik dat hierdie denkfout die oorsaak vir ontoelaatbaarheid van die getuienis was en dus nie die linguistiese aard daarvan nie.

Die gevolgtrekking is dat forensies-linguistiese getuienis in Suid-Afrikaanse houe toegelaat sal word, onderhewig aan die Suid-Afrikaanse bewysregreëls.

HOOFSTUK 4: DIE AANWENDING VAN FORENSIES-LINGUISTIESE GETUIENIS IN DIE BEKAMPING VAN WITBOORDJEMISDAAD

4.1 Inleiding

Die doel van hoofstuk 4 is om vas te stel tot welke mate forensies-linguistiese getuienis betrekking kan hê by die ondersoek en bekamping van witboordjiemisdade. Vir dié doel is 'n bespreking nodig van witboordjiemisdade en wat die ondersoek daarvan behels, en waarom forensiese linguistiek vir die ondersoek van hierdie tipe misdade van toepassing kan wees.

4.2 Omskrywing van die begrip *witboordjiemisdade*

Misdade kan omskryf word as 'n wederregtelike en strafbare handeling (Snyman, 2006:7), met ander woorde, 'n handeling wat 'n regsreël oortree. Die begrip *witboordjiemisdade* is nie 'n regsterm nie en verwys eerder na 'n wye verskeidenheid misdade. Dit word egter deur Sutherland (1940) gedefinieer as sakeverwante misdade wat deur beroepslui gepleeg word. Die FBI (2013) beskou die term as sinoniem met 'n reeks bedrogmisdade wat deur sake- en regeringslui gepleeg word. Dit behels dus onwettige, oftewel wederregtelike en strafbare finansiële aktiwiteite deur persone in die handelsomgewing. Voorbeelde van witboordjiemisdade sluit in (Manning (2005:4-6), PWC (2009), Sutherland (1940)):

- Korrupsie;
- Bedrog, byvoorbeeld:
 - Kredietkaartbedrog;
 - Belastingbedrog;
 - Wanvoorstelling in finansiële state; en
 - Manipulering van die aandelemark;
- Geldwassery;

- Verkoop van onwettige middels soos dwelms;
- Piramideskemas;
- Diefstal;
- Georganiseerde misdaad;
- Omkoperij in die handels- en openbare sektor; en
- Verdoeseling en wanaanwending van fondse.

Die ondersoek van die volgende misdade vorm onder andere deel van die mandaat van die handelsmisdaadtak van die Suid-Afrikaanse Polisie (SAPS, 2013):

- Diefstal van fondse deur:
 - Trustees;
 - Likwideerders van insolvente boedels;
 - Eksekuteurs van boedels; en
 - Persone wat aangestel is in 'n fidusiêre rol wat finansiële state manipuleer.
- Bedrog:
 - Bedrog wat ontstaan het uit intermaatskappy- of beslotekorporasie-transaksies;
 - Bedrog in die aandelemark;
 - Rekenaarbedrog;
 - Internetbedrog, naamlik bedrog wat oor die internet gepleeg word, byvoorbeeld kredietkaartbedrog of elektroniese oorbetalings van fondse tussen rekenings;
 - Bedrog gepleeg by wyse van gesteelde bankkaarte;
 - Bedrog in staatsinstansies;

- Bedrog deur persone wat aangestel is in 'n fidusiêre rol, by wyse van manipulering van finansiële state;
- 419-skemas;
- Vervalste banknote, tjeks, tenders, krediet-, debiet-, en petrolkaarte; en
- Gedupliseerde, veranderde of gewaste tjeks.

Uit die voorafgaande blyk dit dat *witboordjiemisdad* 'n generiese term is vir *handelsmisdad*, *ekonomiese misdad* of *finansiële misdad*, oftewel niegewelddadige misdad wat hoofsaaklik finansiële voordele ten doel het. Die aard van sodanige misdade is dus finansiëel en hou met die vloeï van fondse verband.

Om die begrip *witboordjiemisdad* meer omvattend te beskryf, is 'n ondersoek nodig in die redes waarom sodanige misdade gepleeg word. Die sogenaamde *bedrogdriehoek* bestaan uit die volgende elemente (Economist, 2012):

- Geleentheid
- Motivering; en
- Rasionalisering.

Finansiële nood kan byvoorbeeld dien as motivering om bedrog te pleeg, terwyl die geleentheid van swak interne kontrole hom voordoën. Bedrogplegers se rasionaal kan wees dat hulle die geld sal terug betaal, of dat hulle nie genoeg betaal word nie (Minnesota Office of the State Auditor, 2012).

Kotzé (2012b) en Bhusal (2009) voer aan dat tegnologiese vooruitgang die geleentheid bied vir die toename in witboordjiemisdad. Soos voorheen bespreek, is daar 'n groeiende toename in die mens se afhanklikheid van tegnologie. Tegnologie vorm uiteraard ook 'n onlosmaaklike deel van die sakewêreld. Besighede trek voordeel uit die kubewêreld en sosiale netwerke soos Facebook en Twitter, maar word terselfdertyd blootgestel aan tegnologie as 'n instrument vir die pleging van witboordjiemisdad in die kuberruimte, naamlik kubermisdad. Kubermisdad word onder die top vier ekonomiese misdade geklassifiseer, volgens PWC (2011).

Weens die toename in witboordjiemisdade, veral in Suid-Afrika (PWC, 2009), is daar 'n groeiende behoefte aan die ondersoek daarvan (Van Rooyen, 2004:1). Volgens Manning (2005:v) fokus die rekeningkundige professie al meer op die ondersoek van bedrog.

Sennewald en Tsukayama (2006:1) omskryf 'n *ondersoek* as “the examination, study, tracking and gathering of factual information that answers questions or solves problems”. Die ondersoeker se rol is dus om bewysstukke in te samel en te analiseer om sy/haar vermoedens te bevestig en as basis vir bevindinge te benut. Van Rooyen (2004:13) weer beskryf 'n *ondersoek* as die proses van identifisering van persone en voorwerpe vanaf die tyd wat die misdade gepleeg is totdat 'n beskuldigde se skuld bevestig of weerlê word. Daar is dus 'n regsproses ter sprake en, soos reeds bespreek, word die woord *forensies* gebruik om aan te toon wanneer iets regsverwant is.

Forensiese rekeningkunde is dus die insameling, ondersoek, evaluering en verslagdoening van finansiële data en rekeningkundige aktiwiteite om regskwessies op te klaar. Vir die ondersoek van witboordjiemisdade sal 'n rekenmeester se finansiële kennis aangevul moet word met kennis van die regsomgewing om te weet watter finansiële data in die hof toelaatbaar is (Manning, 2005:v) en om deskundige getuienis daarvoor te lewer indien nodig.

Iemand met voldoende finansiële en regskennis om witboordjiemisdade te ondersoek, staan as 'n *forensiese rekenmeester* bekend. Hierdie persoon moet verseker dat hy/sy die korrekte prosedures tydens 'n ondersoek volg en dat daar aan die relevante regsreëls voldoen word (Loxton, 2011).

Volgens die Instituut vir Kommersiële Forensiese Praktisyns (ICFP) sluit die kommersiële forensiese bedryf 'n reeks professies in waarvan elk unieke en duidelik onderskeibare kennis en ervaring behels (ICFP, 2011).

Die term *bedrogondersoeker* word ook gereeld in hierdie konteks gebruik. 'n Bedrogondersoeker verwys egter nie noodwendig na 'n rekenmeester nie. Die grootste internasionale antibedrog-organisasie, naamlik die Vereniging vir Gesertifiseerde Bedrogondersoekers (ACFE) erken 'n verskeidenheid kwalifikasies en beroepe vir lidmaatskap van die organisasie, onder andere rekenmeesters,

prokureurs en oudpolisielede. Die ACFE vereis egter dat persone sonder 'n BCom-kwalifikasie twee jaar ervaring in bedrogondersoek moet opdoen, vir elke akademiese studiejaar wat sou nodig wees om 'n BCom kwalifikasie te kry, vir lidmaatskap (ACFE, 2012). Daarom is die term *bedrogondersoeker* ook 'n voldoende beskrywing vir iemand wat ondersoek in witboordjiemisdad uitvoer.

ACFE (2011) dui aan dat dienste deur gesertifiseerde bedrogondersoekers die volgende insluit:

- Ondersoek rekords vir bedrog;
- Voer onderhoude met verdagtes;
- Skryf verslae;
- Lê bevindinge voor;
- Lewer getuienis in die hof;
- Forensiese rekeningkundige analise;
- Hersien finansiële state;
- Herstel data;
- Ondersoek botsende belange;
- Bereken finansiële skade;
- Waardeer besighede;
- Doen korporatiewe ondersoek;
- Spoor verdoeselde bates op;
- Herkonstrueer rekeningkundige rekords; en
- Doen rekenaarverwante forensiese ondersoek.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat gesertifiseerde bedrogondersoekers nie dienste aanbied wat slegs met bekamping van bedrog verband hou nie, maar 'n verskeidenheid van ondersoekdienste in verskeie spesialisvelde. Hierin lê die klem

dat nie net finansiële bevoegdheid belangrik is in die ondersoek van witboordjiemisdadigheid nie, maar ook kennis op ander relevante gebiede.

4.3 Die belang van forensiese linguistiek vir witboordjiemisdadigheid

Enige misdadiger wat wys genoeg is, sal so min as moontlik aandag op hom/haarself probeer vestig; uiteraard dan ook witboordjiemisdadigers. Die tradisionele manier om witboordjiemisdadigers te identifiseer, naamlik die fynkam van rekeninge of die ontleding van die vloei van fondse vir verdagte verskynsels, is dus nie in alle gevalle noodwendig effektief nie.

In forensiese rekeningkundige ondersoeke kan relevante inligting in 'n verskeidenheid aantal vorme voorkom, waaronder transaksie data, finansiële state, beleidsdokumente, e-posse, persverklarings en regsopdragte (Ekimoff, 2013). By die ondersoek van witboordjiemisdadigheid val die klem dus nie slegs op rekeningkundige aspekte nie, maar verskeie ander ondersoekmetodes word ook betrek. Daarom is nie net finansiële inligting van belang nie, maar alle vorme van inligting wat tot die ondersoek kan bydra. In sommige gevalle kan die samewerking van deskundiges op verskeie spesialisgebiede, buiten rekeningkunde, verlang word.

Alhoewel die finansiële omgewing grootliks met syfers eerder as verbale interaksie vereenselwig word, kan transaksies of oordrag van fondse slegs plaasvind op grond van een of ander vorm van linguistiese kommunikasie. Hierdie afhanklikheid van verbale kommunikasie kan aangewend word om misdadigheid te pleeg. Tekste wat in so 'n ondersoek betrokke kan wees, is byvoorbeeld enige geskrewe korrespondensie tussen medepligtiges. Dikwels is die outeurs van die dokumente onbekend of in geskil.

Aangesien 'n forensiese rekenmeester nie noodwendig oor die nodige deskundigheid beskik om outeurskap van dokumente te bepaal nie, kan die kundigheid van forensiese linguïste van hulp wees vir forensiese rekenmeesters om dokumente in 'n ondersoek te analiseer.

Die forensiese rekenmeester moet al die geskrewe bewyse van 'n verdagte se aktiwiteite insamel en dit aan die forensiese linguïste verskaf vir ontleding. Volgens die

metodiek wat in die proses van outeursidentifikasie aangewend word (soos bespreek in hoofstuk 2), blyk dit egter dat soveel as moontlik dokumente van 'n outeur ondersoek moet word ten einde meer akkurate afleidings te maak. Daarom is dit raadsaam vir die forensiese rekenmeester om enige tekste wat tydens die ondersoek aan die lig gekom het, selfs notas deur die verdagte wat nie noodwendig direk met die kwessie verband hou nie, vir vergelykingsdoeleindes aan die taalkundige te gee. Verder kan ander kennis wat die forensiese rekenmeester in sy ondersoek opdoen ook vir die linguïst van belang wees, byvoorbeeld watter beroep die verdagte beoefen en ander agtergrondinligting, sodat die linguïst kan bepaal of die tekste in die ondersoek met die verdagte se profiel ooreenstem.

Die situasie kan egter ook omgekeer word: forensiese linguïstiek kan vir die doel van profilering van moontlike verdagtes aangewend word. 'n Taalkundige kan linguïstiese inligting oor 'n outeur insamel wat vir 'n ondersoek van waarde kan wees (Olsson, 2008:94), byvoorbeeld of die outeur 'n eerstetaalspreker is van die taal waarin die teks geskryf is en of die gebruik van tegniese terme iemand se profesie kan aandui (Gibbons, 2003:307). Hierdie tipe inligting kan ook tot eliminasië van verdagtes bydra.

Forensiese linguïstiek kan verder 'n rol speel in die identifisering van relevante persone om onderhoude mee te voer gedurende 'n ondersoek. Onderhoude kan gevoer word met onder andere getuies, slagoffers en ander individue wat oor inligting beskik wat relevant vir die ondersoek kan wees (Silverstone & Sheetz, 2007:137). Volgens die ACFE (2011:874) is die doel van 'n onderhoud om inligting te bekom. Dit is belangrik vir die ondersoeker om te weet, of om 'n sterk vermoede te hê, van watter kennis die persoon met wie die onderhoud gevoer word, dra (Golden *et al.*, 2006:351). Op grond van sodanige agtergrondkennis kan die ondersoeker vasstel watter inligting bekom kan word by elke persoon wat hy/sy ondervra (ACFE, 2011:874). By wyse van linguïstiese analise van tekste wat relevant is tot die ondersoek kan vasgestel word watter persone vir onderhoude genader moet word, asook watter kennis hulle oor die beweerde misdaad het.

'n Hulpmiddel vir 'n linguïstiese ondersoek is die rekenaarprogrammatuur wat tans beskikbaar is om by wyse van taalgebruik 'n persoon se gemoedstoestand oor 'n tydperk te bepaal (Economist, 2012). As die uitkoms byvoorbeeld "deurmekaar" of

“geheimsinnig” is, kan dit dui op ’n sogenaamde rooi vlag wat ondersoekers sal help om te bepaal watter persone ondersoek moet word. Dick Oehrle, hooflinguis in ’n ondersoek waar hierdie sagteware gebruik is, beskryf hoe dit werk: ’n aantal e-posse word verwerk sodat die program by die taalgebruik in relevante tekste kan aanpas (Economist, 2012). Die relevante taalgebruik word ingevoer en só weet die program waarop om te konsentreer (Economist, 2012). Woorde soos *Facebook* of *bier* kan op persoonlike verhoudings dui, terwyl die frases *bel my* of *kom na my kantoor* aandui dat iemand ’n privaat gesprek wil voer; sodanige buitengewone gesprekke kan beteken dat daar ’n geleentheid vir bedrog bestaan (Economist, 2012). In aansluiting by die bedrogdriehoek, kan frases wat motivering uitlig, soos finansiële nood, ook geïdentifiseer word, en rasionalisering kan gegrond word op die bepaalde gemoedstoestand, byvoorbeeld waar iemand ongelukkig met hulle werk of betaling voorkom (Economist, 2012).

Bogenoemde metode kan waardevol wees vir die opsporing van bedrog, maar ook vir die voorkoming daarvan, wanneer motivering, rasionaal en geleentheid vroeg genoeg bespeur word om die nodige stappe te neem en kontrole in plek te stel. Ook ten opsigte van reaksie is dit belangrik vir vervolgingsdoeleindes om te bewys watter stelsels in plek was vir die opsporing van bedrog. KPMG (2006) skryf die drie onderskeie fases, naamlik voorkoming, opsporing en reaksie, hoog aan vir die bestuur van bedrog. Linguistiese ontleding is dan ’n metode wat regdeur aangewend kan word en is daarom van die uiterste belang by witboordjiesmisdaad.

Vinnige tegnologiese vooruitgang in moderne tye bied geleenthede vir nuwe vorme van witboordjiesmisdaad, asook geleenthede om sodanige misdade met meer gemak as voorheen uit te voer. Tegnologiese vooruitgang het elektroniese kommunikasiemiddele meegebring in die vorm van elektroniese dokumente soos e-pos en SMS-boodskappe. Dus, waar metodes soos handskrifontleding nie geskik is nie, kan forensies-linguistiese ontledings moontlik dien as ’n alternatiewe manier om outeurskap van dokumente te bepaal (Kotzé, 2012b).

Volgens Olsson (2008:3) vervul linguistiese ondersoekmetodes ’n groeiende rol by die ondersoek van georganiseerde misdaad. ’n Vorm van bedrog waar linguistiese analise gebruik kan word, is by die vermeende vervalsing van testamente. Die geval van die reeksmoordenaar, Harold Shipman, spreek as voorbeeld. Wikipedia (2013)

noem dat Shipman 'n mediese dokter van Nottingham in die Verenigde Koninkryk was. Die dood van minstens 218 van sy pasiënte weens 'n oordosis morfien word aan hom toegeskryf. Shipman is in 2000 aan 15 moorde skuldig bevind en tot lewenslange tronkstraf gevonniss. Shipman pleeg selfmoord in 2004. Die dogter van een van Shipman se slagoffers merk later op dat haar ma se testament vreemde taalgebruik bevat, en daar word later bewys dat Shipman die testament vervals het sodat hy ongeveer £300 000 sou erf.

Dit kan ingewikkeld wees om die outeurskap van 'n testament te bepaal wanneer daar nie getuies beskikbaar is nie, maar soos Kotzé (2012b) beweer:

In the light of advances in forensic linguistics, it has become possible to determine whether the text in question was created by the testator or testatrix where all the attesting witnesses are dead, incompetent to testify, outside the court's jurisdiction or untraceable.

'n Geskrewe verslag is die eindproduk van die forensiese rekenmeester se bevindinge uit sy/haar ondersoek en die doel daarvan is om die getuienis op 'n professionele wyse op te som (Zysman, 2006:1). Wanneer linguistiese ondersoekmetodes tot die bevinding bygedra het, behoort dit by die verslag ingesluit te word. Die verslag kan ook gebruik word om die bevindinge in die hof te kommunikeer in gevalle waar die ondersoek tot hofverrigtinge lei.

In sommige gevalle kan die mandaatgewer besluit om nie regsaksie te neem nie, maar nietemin sou relevante linguistiese bevindinge by die verslag ingesluit wees om duidelikheid oor die betrokke aspekte te gee.

4.4 Gevolgtrekking

Die veld van forensiese linguistiek word toenemend in die gebied van witboordjiemisdad betrek namate bewustheid van die potensiaal van linguistiese analise groei. Linguistiese analise kan aangewend word vir ondersoekdoeleindes om:

- die skrywer van anonieme tekste, soos 'n afpersingsbrief, te identifiseer; en

- verdagtes te vergelyk en te profileer deur tekste te ontleed om die waarskynlike geografiese afkoms en sosiale en linguistiese voorkeure van die skrywers daarvan te bepaal.

In sommige gevalle lei forensiese rekeningkundige ondersoekte tot getuienislewering in die hof, wat voorlegging van bewysmateriaal verg. Sou linguistiese analises gebruik word om die outeurskap van dokumente in witboordjiemisdade te bepaal en tot sekere gevolgtrekkings te kom, sou dit belangrike bewysmateriaal in 'n saak uitmaak. Die toelaatbaarheid van forensies-linguistiese getuienis is dus in hierdie opsig 'n beduidende aspek by witboordjiemisdade.

Al is daar gevalle waar forensies-linguistiese ontledings nie die definitiewe oplossing rakende outeurskap lewer nie, bied dit steeds insig in die inligting wat ontleed word en is daarom steeds 'n relevante ondersoekmetode by witboordjiemisdade.

Om op te som: Deskundiges in forensiese linguistiek kan hulle insig oor taalgebruik aanwend om die hof by te staan in strafsake waar taalgebruik relevante getuienis uitmaak. Verder kan linguistiese analise ook duidelikheid gee in die ondersoek van sake wat nooit in die hof verskyn nie, en in sommige gevalle kan skuld of onskuld op grond van linguistiese bevindinge bepaal word.

HOOFSTUK 5: DIE MOONTLIKE AANWENDING VAN FORENSIESE LINGUISTIEK BY DIE ONDERSOEK VAN UITVISSINGSKEMAS

5.1 Inleiding

Hoofstuk 5 sluit aan by die vorige hoofstuk oor witboordjiemisdad en die relevantheid van forensiese linguistiek in die verband. Hierdie hoofstuk verduidelik die begrip *uitvissingskemas* as voorbeeld van 'n algemene witboordjiemisdad en hoe linguistiek moontlik by die bekamping daarvan aangewend kan word. Daar word verwys na 'n aantal e-posse wat getipeer kan word as voorbeelde van uitvissingskemas, soos aangevra en verkry vanaf onderskeidelik Sabric se databasis en direk vanaf slagoffers. Hierdie e-posse is ontleed om 'n aantal vrae te beantwoord rakende die oorsprong van die e-posse ten einde te bepaal of 'n forensies-linguistiese analise lig kan werp op die oorsprong van en/of outeurskap van die betrokke tekste en of daar bepaalde tendense daaromtrent vasgestel kan word. Die uitkoms en afleidings word gevolglik bespreek. Die hoofstuk het ten doel om die mate waarin sodanig linguistieke ontleding tot die bekamping en vervolging van hierdie skemas kan bydra.

5.2 Uitvissingskemas

Uitvissing is 'n vorm van kubermisdad waarin 'n individu gekontak word deur kubermisdadigers wat hulleself as 'n bekende en wettige instansie of persoon voordoen om sodoende die slagoffer te oortuig om sensitiewe en persoonlike inligting, soos bank- of kredietkaartbesonderhede, bekend te maak (Nedbank, 2013; Phishing.org, 2013; SARS, 2013). Hierdie inligting kan aangewend word om toegang tot die slagoffer se rekening te bekom, wat identiteitsdiefstal en/of finansiële verlies tot gevolg kan hê (Microsoft, 2013). Dit word *uitvissing* genoem omdat skelms hulle aas wyd uitgooi in die hoop dat iemand vir die slenter sal val (Beeld, 2013).

Uitvissing is 'n huidige en groeiende probleem. Volgens Beeld (2013) het dié soort aanvalle in die belastingseisoen 'n skerp toename getoon op die Suid-Afrikaanse Inkomstediens.

Slagoffers van uitvissing word deur middel van 'n verskeidenheid media geteiken byvoorbeeld e-pos en SMS (dit word *Smishing* genoem), en het selfs in sosiale media soos MySpace, Facebook en Twitter begin posvat (Australian Competition & Consumer Commission, 2013a). Vir doeleindes van hierdie studie val die soeklig grootliks op die e-pos-vorm van uitvissing. Die eienskappe van SMS- en sosiale media-tipe uitvissing is soortgelyk aan e-pos-verwante uitvissing.

Vir doeleindes van hierdie studie word 419-skemas ook onder die definisie van uitvissing gereken omdat dit 'n soortgelyke vorm van kulpos is. Sulke skemas het ook ten doel om die geteikende slagoffers te oorreed om persoonlike inligting bekend te maak ten einde te deel in 'n groot som geld wat kwansuis uit die land van oorsprong van die skrywer gesmokkel gaan word (Australian Competition & Consumer Commission, 2013b). Die kommunikasie aan slagoffers geskied ook dikwels via die internet en e-pos (FBI, 2013b).

Bogenoemde skemas is vernoem na artikel 419 van die Nigeriese strafbode wat hierdie tipe bedrywigheid as 'n oortreding beskryf, alhoewel dit deesdae nie tot Nigerië beperk word nie (Australian Competition & Consumer Commission, 2013b).

Ontleding van kommunikasie wat verband hou met 419-skemas sal dieselfde doel dien as die ontleding van uitvissingsverwante kommunikasie en daarom word dit vir hierdie studie as dieselfde begrip geklassifiseer.

5.3 Uitvissingsbedrog en linguistiek

“All forms of frauds on the internet begin from the point of using language in a particular way, to entertain, persuade and eventually convince” (Chiluwa, 2010:1).

Bogenoemde stelling beweer dat taalgebruik 'n identifiseringsmaatstaf vir uitvissingskemas kan wees en dat linguistiese ontleding 'n rol in die opsporing van outeurs van uitvissingspos kan speel. Die vraag wat hier ontstaan is of (forensiese) linguistiek ook 'n rol in die bekamping, ondersoek en vervolging van uitvissingskemas kan speel. Kan forensiese linguistiek moontlike oplossings bied vir die bestryding van hierdie tipe skemas en, indien wel, in watter mate?

Blommaert (2005) het 'n sosiolinguistiese studie gedoen van 419-verwante tekste en bevind dat die vlak van vaardigheid in Engels baie basies is teenoor 'n hoë vlak van digitale kennis. Blommaert (2005) het voorgestel dat die linguistiese, stilistiese en generiese eienskappe van sulke tekste ondersoek word.

In die volgende gedeelte word tipes uitvissingsbenaderings, asook kenmerke van sodanige kulpas, bespreek. Die oogmerk is om te bepaal of hierdie kenmerke gebruik kan word vir doeleindes van forensies-linguistiese ontleding en om te bepaal of sodanige ontleding tot die voorkoming, opsporing en vervolging van uitvissing kan bydra.

5.4 Tipering van uitvissingspos

Die e-posse wat versamel is om in hierdie studie te ontleed kan in die volgende tipes, oftewel kategorieë, verdeel word:

- (i) Bevestiging van bankbesonderhede (om te voorkom dat die betrokke bankrekening gesluit word)

E-posse wat in hierdie kategorie val word, versoek die ontvangers van die e-pos om 'n internetskakel te volg na 'n webtuiste waar hulle dan gevra word om hulle bankbesonderhede te bevestig. In die proses om dit te bevestig, maak die slagoffers die inligting bekend.

Die volgende redes word aangevoer vir sodanige versoek vir bevestiging:

- Onreëlmatige aktiwiteite is opgespoor in verband met die betrokke rekening en die rekening sal gesluit word indien die rekeningbesonderhede nie bevestig word nie.
- Die rekening word as onaktief beskou en sal gesluit word indien die rekeningbesonderhede nie bevestig word nie.
- Verbeterde sekuriteitstelsels vereis bevestiging van bankbesonderhede. Indien die besonderhede nie bevestig word nie, sal die rekening gesluit word.

- Tegnieuse probleme het veroorsaak dat die rekeninghouer se inligting verlore geraak het en dat die rekeninghouer nou nie meer elektroniese kennisgewings kan ontvang nie.
- Die huidige besonderhede is foutief en moet weer ingedien word om te voorkom dat die rekening gesluit word.

Uit bogenoemde blyk dit dat e-posse in hierdie kategorie telkens 'n dreigement bevat dat die betrokke bankrekening gesluit sal word en/of nie verder gebruik sal word soos normaalweg nie, tensy die rekeningbesonderhede bevestig word.

(ii) Bevestiging van bankbesonderhede om rekeningverwante inligting te besigtig

E-posse in hierdie kategorie voer aan dat die ontvanger sy/haar rekeningbesonderhede moet bevestig om sekere rekeningverwante inligting te kan besigtig, byvoorbeeld elektroniese bankstate of lojaliteitspunte.

(iii) Geldoorplasings

In hierdie kategorie word die ontvangers van die e-pos versoek om hulle bankbesonderhede bekend te maak sodat 'n bedrag geld daarin oorgeplaas kan word.

Die volgende redes vir die oorplasing word voorgestel:

- Daar is 'n groot bedrag geld in 'n onaktiewe buitelandse rekening wat verlore sal gaan indien dit nie oorgeplaas word nie.
- 'n Hele familie is oorlede en daar is geen oorlewende naasbestaandes of ander begunstigdes van hulle fondse nie.

Die skrywer bied 'n beloning aan in die vorm van 'n persentasie van die bedrag geld sou die betrokke ontvanger van die e-pos bereid wees om sy/haar samewerking te bied en sy/haar bankbesonderhede bekend te maak sodat die oorplasing kan geskied. Daar word ook groot klem geplaas op geheimhouding van die transaksie.

(iv) Betalings na en van rekening

E-posse in hierdie kategorie reflekteer dat betalings na of van die ontvanger se bankrekening gemaak is, byvoorbeeld:

- 'n Sekere debietorder is uit die rekening getrek en om dit te stop, moet die besonderhede van die betrokke bankrekening bevestig word.
- 'n Betaling is in die rekening gemaak en om die besonderhede van die betaling te besigtig of vir die betaling om verwerk te word, moet die besonderhede van die rekening bevestig word.

5.5 Waarskuwingstekens en kenmerke van uitvissing

Die volgende punte word beskryf as waarskuwingstekens van uitvissingspos en is ook opgemerk in die betrokke e-pos-versameling:

Versoek vir persoonlike besonderhede

Volgens die webtuiste What is phishing (2008) sal banke, finansiële instansies en ander wettige besighede nooit kliënte se persoonlike besonderhede via e-pos aanvra nie. Dus kan 'n mens reeds byna 100% seker wees dat so 'n versoek verband hou met uitvissing. Absa (2013a), Nedbank (2013) en SARS (2013) bevestig dat geen persoonlike besonderhede per e-pos aangevra sal word nie en dat sulke besonderhede nie per e-pos bekend gemaak moet word nie.

Bekende handelsname

Die uitvissingsverwante e-posse in die betrokke versameling is telkens kwansuis van 'n bekende bank gestuur, naamlik Absa, FNB, Standard Bank, Capitec Bank of Nedbank. Dit strook met Microsoft (2013) se siening dat die gebruik van bekende handelsname 'n kenmerk van uitvissing is. Nedbank (2013) en Absa (2013a) se webtuistes waarsku byvoorbeeld dat die oortreders 'n mens wil oortuig dat die kommunikasie direk van die bank is. Dit is moeilik om te onderskei tussen die ware en 'n valse webtuiste vir 'n instansie omdat dit so eenders lyk. Strydom (2013) lewer verslag van 'n Suid-Afrikaanse vrou wat op 'n e-pos van 'n uitvissingsbende gereageer het, onder die indruk dat die e-pos van haar bank is. Sy het haar

bankbesonderhede bekend gemaak en is by wyse van uitvissing van ongeveer R13 miljoen beroof.

Eienaardige e-pos-adresse

Die e-pos-adresse waarvandaan die uitvissings-e-posse gestuur is, blyk nie van 'n formele instansie te wees nie en stem dikwels nie ooreen met die betrokke bank waarvandaan dit oënskynlik gestuur is nie, soos "metissci@hosting.wicsot.com". Daar bestaan wel gevalle waar die adres vermom word om te lyk of dit aan die instansie behoort. Wanneer mens dan egter die rekenaarmuis gebruik om oor die e-pos-adres te "vee", wys dit die werklike e-pos-adres van die sender (Absa, 2013b).

Internetskakels

Volgens Microsoft (2013) is die voorkoms van internetskakels in e-posse 'n waarskuwingsteken van uitvissing. Die e-posse in die betrokke versameling bevat telkens sulke internetskakels.

Skakels in uitvissingsverwante e-posse is nie wat dit voorkom om te wees nie (Phishing.org, 2013). Terwyl dit dalk lyk of dit skakel met die webtuiste van 'n bekende instansie, skakel dit egter met 'n uitvissingswebtuiste waarop daar spasies gegee word om sensitiewe en persoonlike inligting in te voer (Phishing.org, 2013). Sodoende bekom uitvissers inligting wat gebruik word om transaksies in die slagoffer se naam aan te gaan (Phishing.org, 2013).

Absa (2013b) waarsku dat hulle nooit internetskakels in e-posse sal aanstuur nie, dat dit nie gevolg moet word nie, en dat die webadres self eerder ingevoer word om die bank se webtuiste te besoek (Absa, 2013a).

Spelfoute

Kubermisdadigers is bekend vir swak spelling en daarom is dit belangrik om te let op spelfoute – dit mag dui op 'n kwaadwillige skema (Microsoft, 2013). Daar word nie verwag dat sodanige foute in formele tekste, soos dié van groot besighede soos banke, sal voorkom nie. Daar kom telkens spelfoute in die versameling van e-posse voor.

Behalwe vir spelfoute, bevat die e-posse in die betrokke versameling ook grammatikale foute. Sinne is oor die algemeen onsamehangend of onvolledig en leestekens word verkeerd aangewend. Daar is ook gevalle waar sinne/frases op onvanpaste plekke gebruik word, byvoorbeeld “Official notice ...”, aan die einde, eerder as aan die begin van die e-pos.

Professionele instansies behoort nie toe te laat dat webtuistes en/of massa-e-posse spelfoute bevat nie. Indien sodanige kommunikasie dus wel van ’n betroubare bron af kom, is die kans skraal dat dit spelfoute bevat.

Informele taalgebruik

Die betrokke e-pos-versameling bevat voorbeelde van informele taalgebruik, soos “don’t” in plaas van “do not” of “Thanks” eerder as “Thank you”. Weereens is dit onwaarskynlik dat professionele instansies op hierdie informele wyse aan kliënte sal kommunikeer.

Generiese aanspreekvorme

Generiese aanspreekvorme word telkens gebruik om die ontvanger van die e-pos aan te spreek, met ander woorde, die e-pos word nie persoonlik aan die betrokke rekeninghouer gerig nie, byvoorbeeld “Geagte kliënt” in plaas daarvan om die individue op hulle name aan te spreek (Phishtank, 2013). Die rede is waarskynlik dat die oortreders e-posse in massas na lukrake e-pos-adresse stuur in die hoop dat iemand daarop sal reageer (Nedbank, 2013).

In sommige van die e-posse word die ontvanger in die meervoud aangespreek, byvoorbeeld “Dear customers”, ’n verdere aanduiding dat die e-pos aan meer as een ontvanger gestuur is.

Dreigemente en dringendheid

Dreigemente is kenmerkend van sommige uitvissingsboodskappe, byvoorbeeld dat die ontvanger geblok sal word indien hy/sy nie reageer soos versoek nie (Microsoft, 2013) of dat die betrokke rekening gesluit sal word, tensy die rekeninghouer sy/haar persoonlike besonderhede bekend maak (Absa, 2013a). Soos vroeër aangedui, bevat sommige e-posse in die betrokke e-pos-versameling ook dreigemente dat ’n rekening gesluit sal word of dat belangrike inligting verwant aan die rekening nie

beskikbaar gestel sal word nie, tensy die rekeninghouer sy/haar rekeningbesonderhede bevestig.

Daar is ook gereelde aanduidings van dringendheid, byvoorbeeld dat daar binne 'n sekere tydperk gereageer moet word om negatiewe gevolge te voorkom (Phishing.org, 2013).

Die uitvissings-e-posse waarby SARS betrek word, sluit ook dreigemente in dat belastingbetalers die gevolge sal dra as hulle nie reageer op SARS se versoek om hulle bankbesonderhede te verskaf nie (Beeld, 2013).

Beloning

Aanduidings van voordeel of beloning indien die slagoffers hulle samewerking bied, byvoorbeeld dat 'n prys gewen kan word indien daar op die skakel geklik word, is dikwels die lokaas van uitvissingsboodskappe (Phishing.org, 2013). Soos voorheen bespreek, bevat die e-pos-versameling in die studie ook e-posse met aanduidings van voordeel of beloning indien die slagoffers hulle samewerking bied.

Sommige van die uitvissings-e-posse waarby SARS betrek word, reflekteer ook dat sogenaamde gelukkige belastingbetalers 'n korting sal kry (Beeld, 2013).

5.6 Ontleding van e-pos versameling

Die moontlikheid van voorkoming, ondersoek en vervolging van uitvissing- en 419-skemas met behulp van forensiese linguistiek kan nagevors word aan die hand van die volgende vrae:

Kan daar by wyse van forensies-linguistiese ontledings vasgestel word:

- van watter land en/of area die outeur(s) van die kulpos is? Met ander woorde, is daar 'n linguistiese aanduiding van watter land hierdie outeurs afkomstig is?
- of meer as een weergawe van die korrespondensie aan dieselfde outeur toegeskryf kan word?
- wat die outeurs se moedertaal is en of hulle eerstetaalsprekers van Engels is?
- wat die outeurs se vlak van opvoeding is?
- of die chronologie van die e-posse (m.a.w. die datum waarop dit ontstaan het) verandering aandui in die styl of strategie wat gebruik word met verloop van tyd?
- of die e-pos-adres wat gebruik word as tiperend beskou kan word?
- of die afsluiting van die e-posse, byvoorbeeld "greetings" of "bless you", kenmerkend is?

Om bogenoemde vrae te beantwoord is 'n aantal uitvissingsverwante e-posse aan 'n taalkundige, Elmarie Viljoen, vir ontleding voorgelê. Vervolgens 'n bespreking van haar bevindinge in die verband.

'n Totaal van 50 e-posse is ingesamel vir ontleding, onderskeidelik vanaf Sabric en direk vanaf slagoffers, soos vroeër genoem. Vervolgens is die e-posse op grond van kenmerke van taalgebruik in twee groepe onderverdeel, naamlik die 419-soort (21 e-posse) en die bank-soort (39 e posse). Die kenmerke is saamgestel volgens die gebruik daarvan in die literatuur vir stilistiese en foutanalises (bv. Kotzé, 2007; Ottenheimer & Ottenheimer, 2010). Die verskille en ooreenkomste in taalgebruik word in die volgende tabel getoon (Viljoen, 2013):

Tabel 1: Vergelyking van soorte uitvissings-e-pos volgens taalkenmerke

	419-soort	Bank-soort
Styl	Prosa-agtig, wil amptelik voorkom op plekke, maar kan nie die trant volhou nie	Bondig, amptelik
Spelling	Uiters swak	Redelik algemene foute wat deursnee taalgebruiker maak, soms gevalle wat uiters swak is
Aanhef	Intiem/onvanpas	Saaklik
Sintaksis/woordorde	Telkens onsamehangend	Oor die algemeen logies en verstaanbaar
Inhoud	Gedetailleerd, wil verduidelik	Geen/baie kort verduidelikings
Leestekens	Onkonsekwent, baie keer verkeerd	Onkonsekwent, soms verkeerd
Spasiëring	Onkonsekwent, baie keer verkeerd	Onkonsekwent, soms verkeerd
Hoofletters	Onkonsekwent, baie keer verkeerd	Onkonsekwent, soms verkeerd
Kompleksiteit van woorde	Gebruik baie keer komplekse woorde, afgewissel deur sleng	Meestal taal wat gemiddelde persoon kan verstaan, met “banktaal” tussenin
Kongruensie	Baie keer verkeerd	Meestal korrek
Koherensie	Omslagtig, dwaal soms van punt af	Oor die algemeen koherent

Op die vroeë rakende forensies-linguistiese ontleding van hierdie e-posse, soos hierbo gestel, was Viljoen (2013) se bevindinge soos volg:

Kan daar bepaal word van watter land en/of area die outeur(s) van die e-posse is? Met ander woorde, is daar 'n linguistiese aanduiding van watter land hierdie outeurs afkomstig is?

As 'n mens aanvaar (soos Blommaert, 2005) dat die e-posse nie doelbewus swak geskryf is nie, is dit duidelik dat hierdie skrywers, veral van die 419-soort, nie moedertaalsprekers van Engels is nie. Alhoewel die bank-soort feitlik geen kongruensie-foute bevat nie ('n tipiese fout wat nie-moedertaalsprekers maak), is daar egter ook aanduidings van fonologiese spelling soos “series” in plaas van “serious” wat dui op 'n spreker van 'n Afrika-taal, volgens Ottenheimer en Ottenheimer (2010).

Die meeste navorsers in hierdie gebied, byvoorbeeld Blommaert (2005) en Otu (2013), is dit eens dat hierdie e-posse van reg oor die wêreld gestuur word. Die feit dat daar verskillende vorme van Engels is, moet ook in ag geneem word. Ons sou dus breë afleidings kon maak in hierdie verband. 'n Deegliker stilistiese ondersoek om kollokasies te ontgin, asook 'n stilometriese analise om veral die gebruik te bepaal van voornaamwoorde en voorsetsels, wat oor die algemeen nie gemanipuleer kan word nie, sal in samewerking met kenners op die gebied van verskeie dialekte, helderder lig hierop kan werp.

Kan meer as een weergawe van die korrespondensie aan dieselfde outeur of area toegeskryf word? Of is dit telkens uniek?

Om bogenoemde vraag te beantwoord, moet daar na die outeurskenmerke gekyk word. Te midde van die soortgelyke trant wat in al die e-posse gevolg word, skemer afwykings van standaard-taalgebruik, oftewel gemarkeerdheid, tog deur. In die gebruik van leestekens is daar enkele e-posse waarin daar oortollige spasies, kommas en uitroepetekens voorkom, en in enkele, die ellips. Verkeerde vorme van woorde is ook opgemerk, soos “you have earn” in plaas van “you have earned”; en “new enhanced” in plaas van “newly enhanced”, weglating van meervoude,

byvoorbeeld “congratulation”, “... 60% of our internet banking users account ...”; “follow instruction”.

Sommige van hierdie afwykings het in verskeie e-posse voorgekom, selfs van dié wat kwansuis van verskillende banke is. Een so ’n voorbeeld is die frase “we have effect charges”, wat in ’n e-pos van Absa en van FNB verskyn. ’n Google-soektog van die spesifieke frase het niks opgelewer nie. Die gebruik van hierdie vier woorde in hierdie spesifieke volgorde is dus uiters raar en kan waarskynlik daarop dui dat die skrywers van die bank-soort e-pos hulle nie by een instansie bepaal nie, maar generiese e-posse skep en dit dan van verskillende “banke” se e-posse stuur.

Nog ’n aspek vir vergelyking tussen tekste om die moontlike verskillende outeurs uit te ken, is die gebruik van sinonieme (Brennan & Greenstadt, 2009). Hierdie navorsers noem dat, wanneer ’n woord ’n groot aantal sinonieme het om van te kies, die outeur se keuse lig werp op sy/haar skryfstyl. So is die gebruik van “confirmation”/“verification”/“validation”; “customer”/“client”; “problems”/“difficulties”/“issues” in verskeie e-posse gevind, wat moontlik kan help om skryfpatrone van verskeie outeurs te identifiseer. In enkele gevalle verskuif die fokus van die passief na die aktief, of van “you” na “we” en “us”, wat ook ondersoek kan word.

Wat is die outeurs se moedertaal en/of is hulle eerstetaalsprekers van Engels?

Indien ’n mens toegang kon kry tot e-posse wat verdere korrespondensie met die kulpos-skrywers bevat, sal ons dalk meer insig in hierdie verband kan kry. ’n Vergelyking tussen die taalgebruik van die aanvanklike e-pos en dié in daaropvolgende e-posse kan beduidende antwoorde op baie van hierdie vrae bied. Hierdie kan ’n punt vir verdere navorsing wees.

Wat is die outeurs se vlak van opvoeding?

Volgens Blommaert (2005) is hierdie kulpos-skrywers straatwys in die wêreld van die internet en het ’n bewustheid van genrekonvensies; hulle wend pogings aan om gepaste registers te gebruik. Daar kan egter nie met duidelikheid aangedui word dat “straatwysheid” in die wêreld van die internet korreleer met vlak van opvoeding nie,

en dus ook nie of bepaalde merkers van opvoedingsvlak uit die taalgebruik van kulpos-skrywers geïdentifiseer kan word nie.

Dui die chronologie van die e-posse (m.a.w. die datum waarop dit ontstaan het) verandering aan in die styl of strategie wat gebruik word met verloop van tyd?

Otu (2013) beweer dat die 419-soort bedrog nie meer so winsgewend is nie en dat nuwe strategieë om bedrog te pleeg, na vore kom. Dit is duidelik dat daar wel oor die lang termyn veranderinge in die benaderings van veral die 419-soort voorkom. Waar die Spaanse gevangene-“karakter” gebruik is toe hierdie soort skemas die eerste keer sy verskyning gemaak het, is die karakters nou in soortgelyke situasies in veral Afrika en die Midde-Ooste gevange in politieke onrus. Die kulpos-skrywers pas dus hulle narratiewe aan by onlangse wêreldgebeure. Meer onlangse 419-soort e-posse is bloot sakevoorstelle sonder hartseer verhale, en nou vanuit lande soos Griekeland, wat vroeër nie in die kulpos-skrywers se geografiese repertoire was nie. Ons kan dus wel ontwikkeling in die narratief en strategie van die kulpos-skrywers sien.

Kan die e-pos-adresse wat gebruik word as tiperend beskou word?

Die 419-soort gebruik sonder uitsondering gratis verskaffers soos Yahoo of Hotmail. (Blommaert, 2005:7). Die antwoord-adres verskil ook gewoonlik van die sender-adres. Hierdie selfde tendens word in die bank-soort e-posse aangetref. Alhoewel daar gevalle is van die bank-soort wat nie gratis verskaffers gebruik nie, maar eerder adresse wat amptelik lyk met die bank se naam wat daarin verskyn, is daar ook enkele gevalle waar die ontvanger op 'n ander skakel moet klik om te antwoord.

Is die afsluiting van die e-posse, soos “greetings” of “bless you”, kenmerkend?

Wright (2013:46) is van mening dat die stilistiese variasie en linguistiese keuses van dié twee konvensies van die e-pos-genre, naamlik die aanhef en die afsluiting, wel 'n beduidende onderskeid kan tref tussen die skryfsels van 'n klein subversameling van vier outeurs (in die geval van sy studie). Alhoewel dit min outeurs is, voer hy aan dat hierdie vorme baie kenmerkend van 'n enkele outeur kan wees, selfs wanneer dit

teen 'n verwysingskorpus van sosiaal soortgelyke outeurs vergelyk word. Volgens hom kan sy studie as 'n vertrekpunt dien vir meer gefokusde empiriese navorsing in idiolek, asook 'n basislyn vir populasieresultate vir forensiese outeursidentifikasie wat e-posse behels.

Vir doeleindes van die betrokke ontleding is dit duidelik dat dieselfde tipe aanhef en afsluiting telkens in verskillende variasies voorkom. Dit sluit aan by die outeurskenmerke, soos vroeër bespreek. Die gebruik van 'n komma ná die aanhef en afsluiting, en die gebruik van hoofletters/kleinletters kan ook outeurs van mekaar onderskei en moontlik 'n aanduiding wees van watter outeur aan watter tipe e-pos toegeskryf kan word.

5.7 Gevolgtrekking

Uitvissing is 'n bedreiging wat finansiële verlies vir talle slagoffers tot gevolg kan hê en daar is 'n behoefte aan die bekamping en ondersoek van uitvissingskemas. Dit is van die uiterste belang om die outeurs van uitvissingsverwante e-posse te identifiseer ten einde hierdie skemas stop te sit en die skuldenaars te vervolg. Identifisering van sodanige bronne is egter dikwels 'n moeilike taak.

Verskeie bronne beskryf eienskappe van uitvissingsverwante e-posse. By die ontleding van 'n versameling van sodanige e-posse is sulke kenmerke bevestig. 'n Aantal addisionele tendense is ook bepaal.

Dit blyk dat taalgebruik 'n belangrike deel uitmaak van e-posse by uitvissingskemas, en die afleiding is dat 'n forensies-linguistiese ondersoek wel 'n bydrae kan lewer om sekere vrae aangaande uitvissingspos te beantwoord. Groter korpusse data sal waarskynlik duideliker patrone kan onthul, maar 'n ontleding van slegs 39 bank-e-posse het reeds 'n paar gevalle van gemarkeerdheid getoon wat verdere ondersoek regverdig (Viljoen, 2013).

Linguistiese insigte kan dus leiding bied in die ondersoek van uitvissingskemas. Sodra die bron van die boodskappe eers geïdentifiseer is, kan linguistiek bydra tot die bepaling van moontlike verbintenisse of ooreenkomste tussen onderskeie uitvissingsgevalle. Laastens bestaan die moontlikheid dat getuienis oor die

outeurskap van uitvissingspos 'n bydra kan lewer tot beslissings rakende outeurskap en dus 'n rol by die vervolging van uitvissers kan speel.

HOOFSTUK 6: GEVOLGTREKKING EN AANBEVELINGS

6.1 Inleiding

Die probleemstelling van hierdie studie verwys na die vraag of forensies-linguistiese getuienis as hulpmiddel aangewend kan word in die ondersoek van witboordjiemisdade en of sodanige getuienis toelaatbaar is ingevolge die toepaslike Suid-Afrikaanse reg.

Hierdie studie het aandag geskenk aan navorsing oor die relevansie van forensiese-linguistiese getuienis vir outeursidentifikasie by witboordjiemisdade en die toelaatbaarheid van forensies-linguistiese getuienis in vorige Suid-Afrikaanse hofsake, asook in buitelandse jurisdiksies, ten einde vas te stel of sodanige getuienis effektief tot beslissings rakende outeursidentiteit kan bydra.

In die studie is die term *forensiese linguistiek* omskryf, en daar is bepaal dat hierdie veld as 'n deskundige veld geag behoort te word. Verder is die rol daarvan in outeursidentifikasie beskryf. Die term *witboordjiemisdad* is gedefinieer en daar is beskryf hoe hierdie soort misdaad ondersoek word.

Die studie het uitgebrei op die relevansie van outeursidentifikasie, en gevolglik forensiese linguistiek, by die ondersoek van witboordjiemisdade. Klem is gelê op uitvissingskemas as 'n spesifieke vorm van witboordjiemisdad en hoe forensiese linguistiek 'n rol kan speel in die bekamping en ondersoek van sodanige skemas.

Verder is die toelaatbaarheidsvereistes vir opinie- en deskundige getuienis ondersoek, wat op forensies-linguistiese getuienis in Suid-Afrikaanse howe van toepassing is. Die studie verwys ook na die toelaatbaarheid van forensies-linguistiese getuienis in buitelandse jurisdiksies en het aangedui dat die bydrae van sodanige getuienis en toelaatbaarheid daarvan ingevolge Suid-Afrikaanse howe geregverdig kan word.

Die navorsing het getoon dat forensiese linguistiek wel tot outeursidentifikasie kan bydra ten opsigte van die beslissing van outeursidentiteit, wat 'n integrale rol by die ondersoek en vervolging van witboordjiemisdad kan speel. Die vervolging van witboordjiemisdad behels dikwels dat getuienis oor die bevindinge gelewer moet

word. In gevalle waar forensies-linguistiese analise tot die bevindinge van 'n witboordjiemisdad-ondersoek bydra, sal dit nodig wees om getuieis oor hierdie bevindinge aan te bied

6.2 Bevindinge

6.2.1 Omskrywing van forensiese linguistiek en die rol daarvan by outeursidentifikasie

Forensiese linguistiek is die aanwending van linguistiese kennis in 'n regs-konteks, wat geregtelike prosedures soos misdad-ondersoeke en regs-gedinge, naamlik hofverrigtinge of privaat geskille wat later tot regstappe kan lei, insluit.

Alhoewel forensiese linguistiek 'n relatiewe nuwe begrip is, raak hierdie vorm van toegepaste linguistiek in 'n regs-konteks al meer gewild en prominent en daar bestaan verskeie voorbeelde waar forensiese linguistiek suksesvol aangewend is vir die doel van outeursidentifikasie. Outeursidentifikasie behels om die skrywer van 'n teks te identifiseer en behels onder meer die opsporing van anonieme skrywers, sowel as om aansprake oor outeurskap te toets. Die bevestiging van outeurskap van relevante dokumente kan 'n beskuldigde inkrimineer of onskuldige partye elimineer.

Die rede vir die sukses van forensiese linguistiek is dat sulke ontledings gebaseer is op die nosie dat elke individu 'n unieke skryfstyl het en onderbewustelike besluite met betrekking tot hulle taalgebruik neem.

Taalontleding kan verder dien as 'n alternatief vir handskrifontleding, aangesien mense in die hedendaagse samelewing meestal elektroniese opstel, eerder as handgeskrewe dokumente.

6.2.2 Is forensiese linguistiek 'n deskundige veld?

Forensiese linguistiek is 'n deskundige veld wat hoë vlakke van opleiding, kwalifikasie en ervaring verg. Taalkundige ontledings word uitgevoer by wyse van 'n vasgestelde metodologie en kan daarom nie uitgevoer word deur iemand wat nie 'n vakman op die gebied is nie. Verskeie universiteite bied opleidingsprogramme in die veld aan en 'n internasionale professionele liggaam, naamlik IAFL, vir forensiese

linguïste, en die vaktydskrif, International Journal of Speech, Language, and the Law (voorheen Journal of Forensic Linguistics) hou jaarliks twee tot drie konferensies.

6.2.3 Die relevansie van forensiese linguïstiek by die ondersoek van witboordjiemisdade

'n Forensiese rekenmeester is 'n tipe ondersoeker wat witboordjiemisdade ondersoek. Die identifisering van skrywers van relevante dokumente vir 'n ondersoek is telkens van belang by witboordjiemisdade-ondersoeke.

Linguïstiese analise kan aangewend word vir ondersoekdoeleindes ten einde die skrywer van 'n anonieme teks te identifiseer of verdagtes te profileer. 'n Forensiese rekenmeester beskik nie noodwendig oor die kundigheid van 'n linguïst nie, maar kan wel bygestaan word deur 'n linguïst met kundigheid op die gebied van outeurskapsidentifikasie.

Die bevestiging van outeurskap van relevante dokumente kan 'n beskuldigde inkrimineer of onskuldige partye elimineer. 'n Forensiese linguïst kan in hierdie verband bystand verleen aan ondersoekers en prokureurs tydens strafsake, asook siviele verrigtinge.

Ander tegnieke vir outeursidentifikasie, soos handskrifontleding, is besig om uit te faseer, aangesien 'n forensiese ondersoek dikwels met rekenaarmisdade vereenselwig word. Daarom raak die toepassing van forensiese linguïstiek 'n al hoe meer relevante alternatief vir handskrifontleding. Uitvissing is 'n voorbeeld van witboordjiemisdade wat elektronies gepleeg word en waarin forensiese linguïstiek in die voorkoming, ondersoek en vervolging daarvan kan help.

6.2.4 Die relevansie van forensies-linguïstiese getuïenis met betrekking tot witboordjiemisdade

In sommige gevalle lei forensiese rekeningkundige ondersoeke tot getuïenislewering in die hof, wat voorlegging van bewysmateriaal verg. Sou 'n linguïstiese analise gebruik word om die outeurskap van dokumente in witboordjiemisdade te bepaal en sekere gevolgtrekkings te maak, sou dit belangrike bewysmateriaal in 'n saak wees. Die toelaatbaarheid van forensies-linguïstiese getuïenis is dus in hierdie opsig van belang by witboordjiemisdade.

Deskundiges in forensiese linguistiek kan hulle insig van taalgebruik aanwend om die hof by te staan in strafsake waar taalgebruik relevante getuienis uitmaak.

6.2.5 Toelaatbaarheid van deskundige getuienis in buitelandse jurisdiksies

Verskeie bronne beskryf die Daubert-standaard wat in die VSA toegepas word as die mees betroubare toets vir deskundige getuienis. Hierdie standaard stem reeds baie ooreen met Suid-Afrikaanse regsbeginsels en behoort voortaan in ag geneem te word in die voorbereiding en lewering van forensies-linguistiese getuienis.

6.2.6 Die toelaatbaarheid van forensies-linguistiese getuienis in Suid-Afrikaanse howe

Dit blyk dat forensies-linguistiese getuienis in Suid-Afrika toelaatbaar is, mits dit relevant is en die toelaatbaarheidsvereistes vir opinie- en deskundige getuienis nakom. Alle getuienis moet ook regmatig bekom wees om toelaatbaar te wees.

6.3 Finale gevolgtrekking en aanbevelings

Dit is moontlik om die outeur van 'n teks by wyse van linguistiese analise van die teks te bepaal. Alhoewel die resultate van 'n linguistiese analise nie noodwendig in alle gevalle die outeur uitwys nie, kan dit wel vermoedelike outeurskap elimineer. Daarom is forensies-linguistiese analise 'n belangrike hulpmiddel by misdaadondersoek omdat dit tot die identifisering, of alternatiewelik, die eliminasië van verdagtes kan bydra. Waar linguistiek in 'n regs-konteks vir ondersoekdoeleindes aangewend word, staan dit bekend as forensiese linguistiek.

Dit blyk dat forensiese linguistiek relevant is vir die ondersoek, bekamping en vervolging van witboordjiemisdaad, spesifiek met betrekking tot die volgende:

- Identifisering van verdagtes of ander individue wat relevant is vir die betrokke ondersoek;
- Eliminasië van verdagtes;
- Profilerings van verdagtes;

- Die opspoor van kwaadwillige optrede/tendense wat tot witboordjiemisdaad kan lei; en
- Bydrae tot hofbeslissings rakende outeursidentiteit.

Forensiese linguistiek word as 'n deskundige veld beskou en word so deur hofe erken. Forensies-linguistiese getuigenis is toelaatbaar in buitelandse jurisdiksies, sowel as in Suid-Afrika, mits dit aan die relevante regsreëls voldoen. Daar is verskeie voorbeelde waar forensiese linguistiek suksesvol tot outeursidentifikasie bygedra het. Alhoewel daar tot op hede nog geen sake gemeld is wat spesifiek forensiese linguistiek en die bekamping van witboordjiemisdaad behels nie, behoort die sukses van linguistiese ontleding in die regsverband tot op hede, tesame met die voordele wat sodanige ontledings inhou, die weg te baan vir die toekomstige aanwending daarvan by witboordjiemisdaad-ondersoeke.

Bronnelys

ABSA. 2013a. Phishing. http://www.absa.co.za/Absacoza/Security-Centre/Latest-Scams/Phishing-Scams#BETTER_BANKING Date of access: 24 Aug. 2013.

ABSA. 2013b. How to recognise a Phishing scam. <http://www.absa.co.za/Absacoza/Security-Centre/Latest-Scams/Phishing-update> Date of access: 24 Oct. 2013.

ACFE. 2011. Fraud examiner's manual. International ed. Austin, TX.

ACFE. 2012. CFE qualifications. <http://www.acfe.com/cfe-qualifications.aspx> Date of access: 1 Jul. 2012.

Anonymous (film). 2011. USA release date: 21 Oct. 2011.

Australian Competition & Consumer Commission. 2013a. Scamwatch. Phishing scams on social networking sites – don't be tricked into giving your information away. <http://www.scamwatch.gov.au/content/index.phtml/itemId/762345> Date of access: 30 Oct 2013.

Australian Competition & Consumer Commission. 2013b. Scamwatch. Nigerian 419 scams. <http://www.scamwatch.gov.au/content/index.phtml/tag/nigerian419scams> Date of access: 30 Oct. 2013.

Beeld. 2013. Uitvissers gebruik SAID nou as aas. 13 Aug. <http://www.beeld.com/sake/2013-08-16-uitvissers-gebruik-said-nou-as-aas>. Datum van gebruik: 12 Sep. 2013.

Bhusal, D.R. 2009. Economic crime: Law and legal practise in the context of Nepal. Chemnitz University of Technology, Germany (Thesis – PhD).

Blommaert, J. 2005. Making millions. English, indexicality and fraud. Working Papers in Urban Language & Literacies, Referaat 29:1–24.

Brennan, M. & Greenstadt, R. 2009. Practical attacks against authorship recognition techniques. https://www.cs.drexel.edu/~mb553/stuff/brennan_iaai09.pdf Date of access: 4 Oct. 2013.

- Broeders, A.P.A. 2001. Forensic speech and audio analysis forensic linguistics 1998 to 2001: A review. 13th INTERPOL Forensic Science Symposium, Lyon, France, 16-19 October.
http://www24.us.archive.org/stream/ForensicSpeechAndAudioAnalysis/ForensicSpeechAndAudioAnalysisForensicLinguistics-AReview_djvu.txt Date of access: 26 Feb. 2012.
- Broeders, A.P.A. 2005 Of earprints, fingerprints, scent dogs, cot deaths and cognitive contamination – a brief look at the present state of play in the forensic arena. *Forensic Science International*, 159:148-157. www.sciencedirect.com Date of access: 2 Nov. 2013..
- Chiluwa, I. 2010. The pragmatics of hoax email business proposals. *Linguistik Online*, 43(3):15.
- Chisholm, C. 2010. Integrating forensic investigation methodology into eDiscovery. SANS Institute: As part of the Information Security Reading Room.
http://www.sans.org/reading_room/whitepapers/incident/integrating-forensic-investigation-methodology-ediscovery_33448 Date of access: 1 Aug. 2013.
- Collins English Dictionary. 2009. *Idiolect. Complete & Unabridged 10th ed.*
<http://dictionary.reference.com/browse/idiolect> Date of access: 12 Aug. 2011.
- Comer, M.J. 1977. *Corporate fraud*. London: McGraw-Hill.
- Concise Oxford Dictionary. 1996. Oxford: Oxford University Press.
- Coulthard, M. 2004. Author identification, idiolect and linguistic uniqueness. *Applied Linguistics*, 25(4):431-447.
- Coulthard, M. & Johnson, A. 2007. *An introduction to forensic linguistics: Language in evidence*. London and New York: Routledge.
- Diplomaguide.com. 2013.
http://diplomaguide.com/articles/Forensic_Linguist_Career_Info.html Date of access: 06 Jan. 2013.

Discovery. 2011. Discovery Communications, LLC. The number-one nonfiction media company. <http://curiosity.discovery.com/question/why-all-have-different-handwriting> Date of access: 13 Jul. 2013.

Economist. 2012. Corporate fraud: Mind your language. 18 Feb. <http://ww3.economist.com/node/21547833> Date of access: 4 Mar. 2012.

Ekimoff, C. 2013. ACFE Insights. Investigating words: Forensic stylometry and it's role for CFE's. <http://fraudinfo.squarespace.com/acfe-insights/2013/7/19/investigating-words-forensic-stylometry-and-its-role-for-cfe.html> Date of access: 22 Oct. 2013.

EMC Corporation. 2013a. Phishing kits – The same wolf, just a different sheep's clothing, February 2013. <http://www.emc.com/collateral/fraud-report/rsa-online-fraud-report-012013.pdf> Date of access: 11 Aug. 2013.

EMC Corporation. 2013b. Phishing in season – Taxtime, malware, phishing and fraud, April 2013. <http://southafrica.emc.com/collateral/fraud-report/rsa-april-2013-fraud-report.pdf> Date of access: 11 Aug. 2013.

evidentiary reliability. Consultation paper no 190. lawcommission.justice.gov.uk/.../cp190_Expert_Evidence_Consultation Date of access: 31 Oct. 2013.

FBI (Federal Bureau of Investigations). 2013(a). White-collar crime. http://www.fbi.gov/about-us/investigate/white_collar Date of access: 13 Oct. 2013.

FBI (Federal Bureau of Investigations). 2013(b). Common fraud schemes. <http://www.fbi.gov/scams-safety/fraud> Date of access: 13 Oct. 2013.

Gibbons, J. 2003. Forensic linguistics: An introduction to language in the justice system. Oxford. Blackwell Publishing. 337p.

Golden, T.W., Skalak, S.L. & Clayton, M.M. 2006. A guide to forensic accounting investigation. Hoboken, NJ: Wiley.

Harrel, J. 2006. When nouns and verbs lead to 30-to-life. Long Island Business News: 18A.

HAT (Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal). 2005a. Deskundig. Kaapstad: Pearson Education.

HAT. 2005b. Deskundige. Kaapstad: Pearson Education.

HAT. 2005c. Forensies. Kaapstad: Pearson Education.

HAT. 2005d. Handskrif. Kaapstad: Pearson Education.

HAT. 2005e. Handskrifdeskundige. Kaapstad: Pearson Education.

HAT. 2005f. Leek. Kaapstad: Pearson Education.

HAT. 2005g. Taal. Kaapstad: Pearson Education.

HAT. 2005h. Wetenskap. Kaapstad: Pearson Education.

Hofsake kyk **Suid-Afrika**

<http://www.davincilegacy.com> Date of access: 1 Aug. 2013.

<http://www1.aston.ac.uk> Date of access: 1 Aug. 2013.

Hubbard, E.H. 1994. Errors in court: A forensic application of error analysis. SA Journal of Linguistics – Supplement, 20:3-16.

Hubbard, E.H. 1995. Linguistic fingerprinting? A case study in forensic stylometrics. SA Journal of Linguistics – Supplement, 26:55-72.

IAFL. 2011. <http://www.iafl.org/> Date of access: 8 Aug. 2011.

IAFPA. 2011. <http://www.iafpa.net/> Date of access: 8 Aug. 2011.

ICFP. 2011. About us. <http://www.icfp.co.za/node> Date of access: 24 Jul. 2013.

IMbd. 2013. Anonymous. <http://www.imdb.com/title/tt1521197/>. Date of access: 14 Nov. 2013.

Investopedia. 2013. White-collar crime.

<http://www.investopedia.com/terms/w/white-collar-crime.asp> Date of access: 1 Jul. 2013.

Joula, P. 2013. Rowling and “Galbraith”: An authorial analysis. *Language Log*. 16 Jul. <http://languageblog.lidc.upenn.edu/nll/?p=5315> Date of access: 30 Aug. 2013.

Kotzé, E.F. 2007. Die vangnet van die woord: Forensies-linguistiese getuienis in ’n lastersaak. *Southern African Linguistics and Applied Language Studies*, 25(3):385-399. Opsomming in EBSCOHOST.

Kotzé, E.F. 2012a. Forensiese linguistiek. Potchefstroom: NWU. (Studiegids AFLG675).

Kotzé, E.F. 2013. Forensiese linguistiek – metodiek [e-pos]. 15 Okt. 2013.

Kotzé, E.F. 2012b. Forensic linguistics in commercial crime investigations. Presentation at the First Annual Conference of the Institute for Commercial Forensic Practitioners, Johannesburg, 23-24 July 2012.

KPMG. 2006.

<http://www.kpmg.com/cn/en/issuesandinsights/articlespublications/pages/frm-white-paper-o-200610.aspx>. Date of access: 21 Apr 2012.

KPMG. 2011. <https://portal.ema.kworld.kpmg.com/Advisory/services/forensic/za/Pages/SInvestigations.aspx> Date of access: 12 Aug. 2011.

Law Commission. 2013. The admissibility of expert evidence in criminal proceedings in England and Wales. A new approach to the determination of

Legal City. 2013.

<http://www.legalcity.net/Index.cfm?fuseaction=RIGHTS.article&ArticleID=6290631>
Date of access: 24 Oct. 2013.

Loxton, D. 2011. Legal aspects of investigations.

http://www.acfesa.co.za/event_files/Legal_Aspects_of_Investigations.pdf Date of access: 29 Sep. 2012.

Manning, G.A. 2005. Financial investigation and forensic accounting. 2nd ed. Boca Raton, London, New York, Singapore: Taylor & Francis.

Marais, C.W. & Van Rooyen, H.J.N. 1990. Crime investigation. Silverton: Promedia.

Matson, J.V. 1999. *Effective expert witnessing*. 3rd ed. Boca Raton, FL: CRC Press.

Meintjies-Van der Walt, L. 2003. The proof is in the pudding: The presentation and proof of expert evidence in South Africa. *Journal of African Law*, 47(1):88-106.

Microsoft. 2013. <http://www.microsoft.com/security/online-privacy/phishing-symptoms.aspx> Date of access: 6 Jan. 2013.

Minnesota Office of the State Auditor. 2012. <http://www.auditor.state.mn.us/default.aspx?page=20090724.057> Date of access: 21 Apr. 2012.

Nedbank. 2013. Phishing. <http://www.nedbank.co.za/website/content/CrimeAwareness/phishing.asp?page=phishing> Date of access: 24 Aug. 2013.

Newburn, T. 2007. *Criminology*. Devon: Willan Publishing.

NMMU (Nelson Mandela Metropolitan University). 2013. <http://www.nmmu.ac.za> Date of access: 1 Aug. 2013.

Olsson, J. 2004. *Forensic linguistics*. 1st ed. London, New York: Continuum.

Olsson, J. 2008. *Forensic linguistics*. 2nd ed. London, New York: Continuum.

Ormerod, D. (2002). Sounding out expert voice identification. *Criminal Law Review*, 771-790.

Ottenheimer, D. & Ottenheimer, H. 2010. There's no patch for social engineering: Decoding the language of "African" scam letters. RSA Conference, 2 March 2010. http://www.flyingpenguin.com/wp-content/uploads/2013/01/RSAC_SF_2010_HT1-106_Ottenheimer.pdf Date of access: 12 Sep. 2013.

Otu, N. 2013. Kidnapping: A variant of Nigerian advance fee fraudsters (419) diversified portfolio. *International Journal of Criminal Justice Sciences*, 8(1):73-87.

Pagano, W.J. & Buckhoff, T.A. 2005. *Expert witnessing in forensic accounting*. USA: Edwards.

- Pei, M. 1984. History of linguistics. (In Collier's encyclopedia, 14: 668-672). London, New York: PF Collier.
- Phishing.org. 2013. What is phishing. <http://www.phishing.org/what-is-phishing>
Date of access: 4 Jun. 2013.
- Phishtank. 2013. What is phishing.
http://www.phishtank.com/what_is_phishing.php Date of access: 5 Jun. 2013.
- PWC (PriceWaterhouseCoopers). 2011. Global economic crime survey.
<http://www.pwc.com/gx/en/economic-crime-survey/index.jhtml>. Date of access: 1 Oct. 2013.
- SAPS (South African Police Service). 2013. Commercial branch.
http://www.saps.gov.za/org_profiles/core_function_components/commercial/ccrime_reference.htm Date of access: 12 Oct. 2013.
- SARS (South African Revenue Service). 2013.
<http://www.sars.gov.za/TargTaxCrime/Pages/Scams-and-Phishing.aspx?k=SARSScamInstitution:Absa> Date of access: 24 Oct. 2013.
- Schmidt, C.H.W. & Rademeyer, H. 2000. Bewysreg. 4de uitg. Durban: LexisNexis Butterworths.
- Schutte, P.J.W. 2009. Bewysreg. Potchefstroom: NWU. (Studiegids JURI 314A).
- Schwikkard, P.J., Van der Merwe, S.E., Collier, D.W., De Vos, W.L., Van den Berg, E. 2005. Beginsels van die bewysreg. 1e Uitg. Juta.
- Schwikkard, P.J., Van der Merwe, S.E., Collier, D.W., De Vos, W.L., Van den Berg, E. 2009. Beginsels van die bewysreg. 2nd Ed. Juta.
- Sennewald, C.A. & Tsukayama, J.K. 2001. The process of investigation: Concepts and strategies for investigators in the private sector. 2nd ed. Boston: Butterworth-Heinemann.
- Sennewald, C.A. & Tsukayama, J.K. 2006. The process of investigation: Concepts and strategies for investigators in the private sector. 3rd ed. Amsterdam: Butterworth-Heinemann/Elsevier.

Silverstone, H. & Sheetz, M. 2007. Forensic accounting and fraud investigation for non-experts. 2nd ed. Hoboken, NJ: Wiley.

Snyman, C.R. 2006. Strafreg. 5de uitg. Durban, Johannesburg en Kaapstad: LexisNexis Butterworths.

Strydom, T.J. 2013. <http://www.timeslive.co.za/thetimes/2013/04/15/internet-cell-banking-fraud-raking-in-millions>. Date of access: 22 Nov. 2013.

Suid-Afrika. 1919. Seccombe v Attorney-General (1919) TDP 270.

Suid-Afrika. 1921. R v Trupedo 1921 120 AD 58.

Suid_Afrika. 1930. R v Louw 1930 CPD 368.

Suid-Afrika. 1934. R v Stevenson 1934 EDL 47.

Suid-Afrika. 1939. R v Blom 1939 AD 188 at 202-203.

Suid-Afrika. 1946. Annama v Chetty 1946 AD 142.

Suid-Afrika. 1947. R v Fourie 2 SA 972 (O) 974.

Suid-Afrika. 1954. R v Mbongwe 194 3 SA 1016(T).

Suid-Afrika. 1961. R v Lambat 1961 2 SA 734 (SR).

Suid-Afrika. 1965. Wet op Bewysleer in Siviele Sake (1965)

Suid-Afrika. 1970. Lamb v Protea Assurance Co Ltd 1970 2 SA 539 (OK).

Suid-Afrika. 1971. S v Seedat 1971 1 SA 789 (N).

Suid-Afrika. 1976. Coopers (SA) (Pty) Ltd v Deutsche Gesellschaft fur Schadlingsbekampfung Mbh 1976 (3) SA 352 (A).

Suid-Afrika. 1976. Menday v Protea Assurance Co Ltd 1976 (1) SA 565 (E).

Suid-Afrika. 1977. Strafproseswet 51 van 1977.

Suid-Afrika. 1978. Mohamed v Shaik 1978 4 SA 523 (N).

Suid-Afrika. 1978. S v Smith 1978 3 SA 749 (A).

Suid-Afrika. 1979. *Stewarts & Lloyds of SA Ltd v Croydon Engineering & Mining Supplies (Pty) Ltd* 1979 1 SA 1018 (W).

Suid-Afrika. 1991. *S v Van As* 1991 2 SASV 74 (W).

Suid-Afrika. 1993. *Reckitt & Colman (Pty) Ltd v S C Johnson & Son SA (Pty) Ltd* 1993 2 SA 307 (A).

Suid-Afrika. 1993. *S v Bran* 1993 ZASCA 11.

Suid-Afrika. 1995. *R v Secretary of State for the Home Department, ex parte Hickey and others (No 2) and other appeals* (1995).

Suid-Afrika. 1995. *Shabalala v Attorney General, Transvaal* 1995 2 SASV 761 (KH).

Suid-Afrika. 1996. *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 1996.

Suid-Afrika. 1997. *S v Van der Sandt* 1997 2 SASV 116 (W)..

Suid-Afrika. 1998. *S v Kok* 1998 1 SASV 532 (N).

Suid-Afrika. 1998. *S v Mkhize* 1998 2 SASV 478 (W).

Suid-Afrika. 2006. *S v Zuma* 2006 2 SACR 191 (W).

Suid-Afrika. 2013. *Maisha v S* (41/1449/2005) [2013] ZAGPJHC 43 (7 March 2013). <http://www.saflii.org/za/cases/ZAGPJHC/2013/43.html> Date of access: 28 Oct. 2013.

Sutherland, E.H. 1940. *White-collar criminality*. *American Sociological Review*, 5. cooley.libarts.wsu.edu/criminology/Documents/sutherland.pdf Date of access: 12 Oct. 2013.

Svartvik, J. 1968. *The Evans statements: A case for forensic linguistics*. University of Göteborg. 44p.

Tiersma, P. 2010. *What is forensic linguistics?* <http://www.languageandlaw.org/FORENSIC.HTM> Date of access: 25 Feb. 2012.

United States. 1993. Daubert v Merrell Dow Pharmaceuticals, 509 U.S. 579, 113 S.Ct. 2786, 125 L.Ed. 2d 469, (U.S. Jun 28, 1993) (NO. 92-102).

Universitat Pompeu Fabra. 2013. University master in forensic linguistics. <http://www.idec.upf.edu/university-master-in-forensic-linguistics> Date of access: 28 Oct. 2013.

Van Romburgh, J.D. 2008. The training of a forensic accountant in South Africa. Potchefstroom: NWU. (Mini-dissertation – MCom).

Van Rooyen, H.J.N. 2004. Investigation: The A-Z guide for forensic, private and corporate investigators. s.l. Crime solve.

Viljoen, E. 2013. Verslag van ontleding van uitvissing-e-posse [e-pos]. 16 Okt. 2013.

Webb, M. 2013. <http://www.handwritingexpert.co.uk/handwriting-analysis/> Date of access: 13 Jul. 2013.

Wette kyk Suid-Afrika

What is phishing. 2008. <http://www.whatisphishing.co.uk/> Date of access: 24 Oct. 2013.

Wikipedia. 2013. Harold Shipman. http://en.wikipedia.org/wiki/Harold_Shipman Date of access: 30 Oct. 2013.

Wright, D. 2013. Stylistic variation within genre conventions in the Enron email corpus: Developing a text-sensitive methodology for authorship research. International Journal of Speech, Language and the Law, 20(1): 45-75.

Zeffert, D.T., Paizes, A., Skeen, A.St.Q., Hoffmann, L.H. 2003. The South African law of evidence. Durban: LexisNexis Butterworths. 897p/

Zysman, A, 2006. Forensic accounting demystified. <http://forensicaccounting.com/home.html#one> Date of access: 16 Feb. 2012.